



**Gerrie en Martie
Malan**

**Ek leer dit
uit die
BYBEL**

*Grondliggende geloofskwessies
vir soekers na Skrifwaarhede*

EK LEER DIT UIT DIE BYBEL



Grondliggende Geloofskwessies vir
Soekers na Skrifwaarhede

Gerrie en Martie Malan

Opedra aan Liewan, ons eerste agterkleinseun.

Hibberdene: Die Hoseakonneksie

EK LEER DIT UIT DIE BYBEL

Gerrie en Martie Malan

Kopiereg 2017 G.J. (Gerrie) & M.J. (Martie) Malan.

Kopieregkennisgewing

Dankie dat u hierdie gratis boek afgelaai het. Hoewel dit 'n gratis boek is, bly dit die kopieregeiendom van die outeurs , en dit mag nie vir kommersiële gereproduseer, gekopieer en versprei word nie. As die boek vir u waarde meegebring het, moedig asseblief u vriende aan om hul eie kopie op die outeurs se webwerf af te laai, waar hulle ook ander werke deur hierdie outeurs kan ontdek. Baie dankie vir u gewaardeerde ondersteuning.

Voorbladontwerp: Die Hoseakonneksie.

Voorbladfoto: Ben White, beskikbaar gestel deur Unsplash.

ISBN Nommer: 978-0-9922373-2-5

Outeurswebwerf: www.hoseaconnection.org

Tensy anders aangedui word, is Skrifaaanhalings geneem uit die Ou Afrikaanse Vertaling van die Bybel, 1933; (1937 herdruk). Groentemarkplein, Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord	1
Ons begrip van die Bybelboodskap – die “Geraamte”	3
Standpunte oor my geloof as een wat in Jesus die Christus glo 11	
Ontwikkeling as kind.....	12
My benadering tot ander en hul werk.....	13
Grondbeginselstellings.....	13
Moet Christene die Wet hou? Wat beteken Christelike Vryheid?.....	21
Die volle wet moes onderhou word	24
Die Nuwe Testament en die Wet.....	25
Jesus	25
Paulus en die Galasiërs	26
Paulus en die brief aan die Romeine.....	27
Die Brief aan die Hebreërs.....	27
Die Handeling van die Apostels.....	28
Die Christen se vryheid.....	28
Is Die Bybel God se Woord?	33
Kort antwoord	34
Lang antwoord	35
Aansluitende begrip: die Swaard van die Gees	38

Terug na basiese dinge toe!.....	41
Die Krag van Tradisie	47
Moet Vroue stilbly in die Byeenkoms?.....	53
(Paulus se sogenaamde ‘swyggebod’, 1 Korintiërs 14:34-35 en 1 Timoteus 2:11-12)	53
Inleiding	54
Die groter geheelkonteks waarbinne 1 Korinthiërs 14:34-35 staan.....	56
Weerspreek 14:34-35 dan nie die res nie?	59
Die konteks van 1 Timotheus 2:11-12.....	62
Om soos ‘n klein kindjie te glo	71
Waar laat dit ons as alle Bybelprofesie reeds vervul is?.....	75
Die Koninkryk van God.....	77
Hemel en Aarde	78
Nuwe Jerusalem	79
Parousia (Teenwoordigheid).....	80
Die hel	81
Die Skrywers.....	89
Ander boeke deur die skrywers.....	91
The Lamp Of The Lord.....	91
Daniel Without Make-up Or Long Toes.....	92
Sny Die Woord Reguit.....	93
Rightly Divide The Word	94
Die Eindtydprofesie Van Jesus	94
The End-times Prophecy Of Jesus	95
As A House Built On Sand?	96

VOORWOORD

Hierdie boek is 'n bloemlesing van artikels wat die afgelope dekade die lig gesien het uit my en my wederhelf, Martie, se soeke na die onverfilosofeerde waarheid in die Bybelteks. Omdat die artikels nie noodwendig in 'n bepaalde volgorde geskryf is nie, het die gedagte ontstaan omverbandhoudende onderwerpe in bloemlesings saam te groepeer. Soortgelyke voorstelle is ook mettertyd deur vriende en ander kennisse gemaak

Ons het verstaan dat dit sal help om groter duidelikheid te gee aan die ontwikkeling van ons begrip van die Bybelinhoud binne die korrekte konteks. Dat soveel van ons artikels byvoorbeeld eindtydonderwerpe aanspreek reflekteer nie waar ons hart eintlik lê nie. Ons sou eerder in veel groter mate basiese geloofsonderwerpe uit die Bybel wou aanspreek – onderwerpe wat die basiese grondslag bied waarop ons geloofskennis in Jesus Christus as die Weg en die Waarheid en die Lewe gebou en versterk word.

Dit is dus met groot vreugde dat ons hierdie eerste versameling van artikels aanbied. Sommige bevat verbeterings aan die oorspronklike geskrifte, nie net deur tipografiese leemtes reg te maak nie, maar soms ook om moontlike onduidelikhede uit die weg te ruim. Ons vertrou dat dit vir ons lesers 'n opbouende bydrae sal maak tot hul eie soeke na die waarheid te midde van al die verfilosofeerde en verwarrende doktrines wat in die breë Christenomgewing aangetref word.

Gerrie en Martie Malan (Hilberdene, Oktober 2017)

ONS BEGRIP VAN DIE BYBELBOODSKAP – DIE “GERAAMTE”



Ons glo dat daar een ware en lewende God is, Elohim Jahwe (of Yahweh), wat bestaan in en uit homself; sonder begin en sonder einde. Hy het die hemele en die aarde gemaak, en het die mens na Sy beeld geskape.

God het hom stelselmatig in die skrifte wat ons as die Bybel ken openbaar. Dit is 'n versameling van 66 boeke, geskryf deur ongeveer 40 skrywers oor 'n tydperk van ongeveer 1500 jaar, in 3 tale (Aramees, Hebreeus en Grieks) en op 3 kontinente. Tog vorm dit 'n verstommende geheel. Ons glo die Bybel is God se kommunikasie met die mensdom op verskillende maniere. Die

66 boeke van die Bybel is in baie spesifieke kontekste geskryf – geografies, kultureel, histories, letterkundig en teologies. Al hoe ons foute kan vermy en verseker dat ons die skrifte korrek interpreteer en verstaan, is om hulle binne die volheid van hul oorspronklike konteks te lees en verstaan. So 'n benadering sal onvermydelik meebring dat ons redelike aandag gee aan die tale waarin die onderskeie tekste geskryf was. Maar selfs dan, gegewe dat die meeste Nieu Testamentiese geskrifte oënskynlik in Grieks geskryf was, kan ons nie die feit ontkom dat die Hebreuse “kop” oral betrokke was nie. Moderne tegnologies gee vir ons vandag wonderlike hulpmiddels in die verband, selfs al kon ons nooit self die Bybelse tale bestudeer nie.

'n Enkele Skrifgedeelte het normaalweg net een betekenis.

Gevolgtrek glo ons as 'n algemene reël dat 'n enkele skrifgedeelte net een betekenis het, behalwe waar die konteks baie duidelik anders aandui. Die betekenis van Bybelse tekste is vas en onveranderlik – toepassings mag wel verander. Ons kan nie na betekenis soek buite die grammaties-historiese betekenis van tekste nie, soos om toekomstbetekenisse vir historiese gebeure te skep nie. As ons dit doen, vind ons soos wat ons in die moderne Christendom sien, dat ons *“soos golwe geslinger en heen en weer gedrywe word deur elke wind van lering, deur die bedriëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring”* (Ef. 4:14). Ons kan wel met gesonde metodologie probeer om te groei in die korrekte verstaan van die Skrif en ons pad te vind deur die moeras van verkeerde doktrine wat ons omring. In die proses trap ons ongelukkig op die liddorings van opregte en Godvresende mense se tradisies – iets wat die mens se gees maar swaar verwerk, of ons dit wil erken of nie.

Die Bybel is 'n verbondsboek en openbaar God se hart vir die mensdom. Dit beskryf hoe God 'n volk vir Hom gekies het

uit die afstammeling van Abraham, sodat die wêreld Hom deur hulle sou leer ken. In Egipte was hulle vrugbaar en het volgens God se verbond vermeerder, waarna Hy hulle na 'n oënskynlike onbelangrike landstreek heen gelei het – 'n land wat die politieke, ekonomiese en kulturele kruispad van daardie tyd was. Wie daar in beheer was, was ideaal geplaas om die hele bekende wêreld van daardie tyd en daarna te beïnvloed.

God het Israel as verbondsvolk uitverkies sodat die wêreld Hom deur hulle sou leer ken.

Ongelukkig was Israel 'n hardkoppige nasie wat aanmekaar in afgodsdieners verval het ten spyte van die profete se vermanings. Na Salomo is die koninkryk in twee verdeel toe 10 van die 12 stamme die koninkryk van Israel gevorm met Samaria as hul hoofstad. Hierdie koninkryk het kwalik 200 jaar lank bestaan. Al 19 hul konings was afgodsdienaars wat hul mense in afgodery gelei het. Almal het die vermanings van God deur sy profete geïgnoreer en uiteindelik het God hulle deur die Assiriërs voor sy aangesig laat verwyder (2 Kon. 17:22, 23). Hulle word tot vandag toe as verlore (onidentifiseerbaar) in hul stamverband beskou.

Die Suidelike koninkryk van Juda, met Jerusalem die hoofstad, het behoue gebly omdat hulle die uitverkiesde bloedlyn waaruit die Messias gebore sou word voorsien het. Hulle is ook later deur die Babiloniërs in ballingskap weggevoer, maar 'n oorblyfsel het mettertyd teruggekeer na Juda en die Heilige Stad Jerusalem. Toe, in die **volheid (voltooiing) van die (profetiese) tyd**, het God sy Seun gestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die Wet, **om hulle wat onder die Wet gebore was los te koop (Gal. 4:4, 5).**

Ons glo die Nuwe Testament is die rekord van die vervulling, oftewel die **voltooiing/afhandeling** van die Mosaïese bedeling (die Wet en die Profete). Die Seun van God

het aan die kruis uitgeroep, *“Dit is volbring!”* Hy het nie uitgeroep, *“Ons is halfklaar!”* nie. Hy het gekom om die gemanifesteerde Koninkryk van God op aarde in te lui. In sy gesprek met Nikodemus oor die noodsaaklikheid om weer gebore (of beter, weer verwek) te word, het Jesus gesê dat die koninkryk van God nie meer die alleenerflating van Abraham se fisiese nageslag was nie! Daar was nou ’n nuwe nageslag (een nuwe mens – kyk Ef. 2:11-22).

“Dit is volbring!” Die ‘Nuwe Jerusalem’ het gekom.

Jerusalem en die tempel is in 70 n.C. deur die Romeine vernietig. Dit was nie meer die Heilige Stad nie, want **die ‘Nuwe Jerusalem’ het gekom – een wat oral was waar mense God in Gees en waarheid aanbid het volgens Jesus se stelling aan die vrou by put van Samaria (kyk Joh. 4:19-24).** Nie een steen van die fisiese tempel wat oorspronklik die sentrum van aanbidding en van God se teenwoordigheid onder die mense was op ’n ander gelaat nie. Toe hierdie oordeel oor die stad en tempel voltrek is, was laasgenoemde nie meer die tempel van God nie, maar ’n tempel van godsdiens. Die Here God, die Almagtige en sy Lam is nou die heiligdom of tempel (kyk Op. 21:22). Om dit te ontken, is om die brief aan die Hebreërs in sy geheel as onwaar af te maak.

Die kerk preek ’n tweede koms van Christus wat voorlê. Ons glo dat Christus se tweede koms of Advent met die vernietiging van die tempel en Jerusalem in 70 n.C. vervul is. Dit was die antwoord wat Jesus van Nasaret in Mattheus 24 aan sy nabye dissipels gegee het op hul vraag oor sy wederkoms. Ons moet besluit – Jesus het óf die waarheid gepraat, óf gelieg. Dis die een of die ander. Die res van die Nuwe Testament wys dat dit inherent deel was van die apostels se doktrine van daar af – hulle het Jesus se oordeelskoms in daardie geslag se tyd verwag en het dit so in hul briewe geskryf.

Die Openbaring is bv. aan 7 kerke geskryf al was daar toe reeds heelwat meer kerke! Waarom? Dit was die kerke wat Johannes bedien het (en nie omdat hulle simbolies van sewe sogenaamde kerke was nie). Hierdie sewe kerke het ook op die presiese roetevolgorde gelê wat die boodskapper sou moes volg om dit af te lewer. Die enigste manier waardeur Jesus weer sal kom, is vir my en jou individueel wanneer ons ons asem uitblaas en die gees (siel) na sy Maker toe terugkeer. Die oorspronklike tekste is op geen wyse met 'n teologie van gereelde verskonings opgestel nie.

Ons glo die Bybel is 'n vervulde boek. Ons het nie nodig om te wag vir profesieë om nog vervul te word nie, maar ons moet die beginsels wat die Bybel voorsien toepas vir ware koninkrykslewe hier en nou! Ons moet die saak vir onself uitmaak: is Jesus hier by ons deur die Heilige Gees, of is Hy nie? Radikaal? Nee, as ons ons tradisies en gunsteling doktrine stroop van die verwringing wat minder goeie Skrifuitleg meebring het sal ons sien dit is wat die Bybel verklaar.

Ons leraars en populêre eindtydprofete het soveel verwringing by ons kennis van die Skrif gevoeg. Byvoorbeeld, Openbaring 15:8 verklaar dat **niemand** in die (hemelse) tempel of heiligdom kon ingaan **totdat die sewe plae van die sewe engele voleindig is nie** (en waarvoor mense vandag nog in vrees wag a.g.v. die eindtydbedryf se vrug). Hebreërs 9:12 verklaar daarenteen dat die Christus **deur Sy eie bloed, eenmaal ingegaan het in die heiligdom en 'n ewige versoening teweeggebring het.**

Die wegrapingsteologie impliseer dat die bloed van die Lam nie goed genoeg was nie. Daarby was die teenwoordigheid van die Heilige Gees onder die mense vir 2000 jaar ook nie effektief nie. Nou sal mense hulself met hul eie bloed moet loskoop!

Volgens Hebreërs 12:22 **het hulle, die oorspronklike lesers, by die berg Sion gekom, en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem...** Maar sal die hemelse Jerusalem dan nie volgens Openbaring 21 eers eendag in die toekoms verskyn nie? En lê daardie dag nie volgens die populêre eindtydbedryf iewers in ons toekoms nie?

Wie is besig om te lieg? Jesus? Die skrywer van die Hebreërs-brief? Johannes? Of is dit dalk die moderne eindtydprofete wat reeds by herhaling hul onvervulde voorspellings moes wysig?

Johannes skryf die antichris is die een wat ontken dat Jesus die Christus is, wat die Vader en die Seun verloën, en dat daar reeds in sy tyd baie antichriste was (1 Joh. 2:18, 22; 4:3; en 2 Joh. Vers 7). Moderne eindtydprofete lees egter 'n hedendaagse of futuristiese wêreldleier genoem DIE ANTICHRIS in die boek van Daniel raak. Daar is net een manier waarop 'n mens so 'n persoon in Daniel kan vind, en dit is om ver bo dit wat geskryf is te lees! Die Sewentig Sewesprofesie in Daniel was 'n profesie aan die Joodse nasie (en eintlik net aan die stamme van Juda en Benjamin wat in ballingskap na Babilonië weggevoer was). Dit was nooit eers bedoel as 'n profesie aan die hele bekende wêreld van daardie tyd nie, laat staan nog die wêreld soos ons dit vandag ken.

Hoe opreg individue ookal mag gewees het, die teologie het ons beroof van die volle kennis en krag van die koninkrykslewe wat Jesus kom inlui het. Ons is van 'n klomp doktrine van misleiding bedien en met 'n organisatoriese stelsel wat Jesus nooit gemodelleer het nie gelaat. Dit is skynbaar wensdenkery om te dink mense sal bereid wees om die godsdiensinstellings te verruil vir 'n terugkeer na die kerk wat Jesus kom stig het. Baie moderne gemeentes verrig wonderlike, Goddelike werk. Maar dit het tyd geword dat ons ons Bybelse denke herwin en minstens eienaarskap aanvaar vir die reg sny van die Woord van Waarheid. Jesus het nie gekom as Here van korporatiewe organisasie en bestuur nie, en nog minder as die Here van godsdiens. Hy het gekom as die Here van Lewe! Ons

het die volheid van 'n lewe in die Nuwe Jerusalem hier en nou nodig! Ek sukkel om te sien hoe ons by daardie volheid gaan uitkom tensy die kerk, ja, beide die institusionele kerk en diegene wat dit verlaat het, bereid is om 'n eerlike en diepgaande ondersoek van die akkuraatheid van die Bybelse basis van alle doktrine te onderneem.

In Handeling 3:11-26 vind ons Petrus besig om te praat met die Israeliete (“Men of Israel”) in die tempel waar hulle getrou godsdiens beoefen het. Soos Petrus is ons moeg vir godsdiens. Christus, en nie die georganiseerde Christelike kerk nie, is die Weg, en die Waarheid, en die Lewe. Daar is 'n verskil!

Die oorspronklike artikel is in 2010 geskryf en in Desember van daardie jaar aan ons vriende en belangstellendes versprei in 'n persoonlike nuusbrieff, *The Hosea Letter*, Vol. 2, nr. 1.

Skets deur ons dogter, Petru Malan, onder die vaandel van Petroski Art.

STANDPUNTE OOR MY GELOOF AS EEN WAT IN JESUS DIE CHRISTUS GLO



Moderne tegnologie het verstommende resultate op die gebied van kommunikasie gebring. Ten spyte van al die gerief daarvan sal dit altyd tekortsiet wat die persoonlike faktor betref van die aangesig tot aangesig kommunikasie in mekaar se teenwoordigheid. Dit skiet eweneens tekort waar dit die beskrywing van geloof aangaan. Jesus en Sy apostels het die Evangelie (Blye Boodskap) van die Koninkryk van God in persoon vir die mense gepreek en geleer. Hul boodskap is dus deur persoonlike verhouding in mense se huise en *ekklesias* oorgedra en nie deur middel van geskrifte nie. Ja, daar was

briewe aan verskeie individue en ekklesias, maar dit was die gevolg van verhoudings en nie die oorsaak nie.

Nuwe Testamentiese geskrifte was die gevolg van verhoudings en nie die oorsaak nie.

Omdat ek nie hier besig is om 'n boek oor my geloof te skryf nie sal hierdie dokument ongetwyfeld ook tekortsiet, maar ek vertrou dat dit wel vir die leser bepaalde klarigheid oor my geloof sal gee. Ek word dikwels hieroor uitgevra deur mense van die sogenaamde Torahbehoudende groeperings en gebruik dus om hul onthalwe ook die Hebreeuse name.

ONTWIKKELING AS KIND

Soos baie van my geslag het ek grootgeword as dooplidmaat van een van Suid-Afrika se hoofstroom Afrikaanse kerke – Die Nederduits Gereformeerde Kerk. As ek vandag terugkyk, weet ek dat ons soos baie van my geslag en selfs ons ouers se geslag, bloot die tradisie van 'n godsdienstige kultuur nagevolg het. Dit beteken nie dat dit alles sleg was nie, maar in wese dat baie van ons 'n intellektuele kennis verwerf het van God die Vader, hierdie groot regter wat volgens die lerings altyd besig was om ons dop te hou, van Sy Seun Jesus Christus wat vir ons sondes gesterf het (wat dit ook al mag beteken het), en van die Heilige Gees ('n naam wat so in die verbygaan gebruik was sonder om enige begrip by te dra van die diep geestelike realiteite wat dit ingehou het).

Dit was eers baie lank na my kinderjare (inderwaarheid net voor my vyftigste verjaarsdag) dat ek regtig tot die geloof gekom het in die sin dat ek dit begin verstaan en ken het. Die natuurlike vraag wat daaruit voortspruit is, wat is hierdie geloof, en in wat of wie? Ek sal probeer verduidelik sonder om in te veel beskrywing verstrik te raak.

MY BENADERING TOT ANDER EN HUL WERK

Ek het begin besef dat ek kon luister na wat ander sê, maar dat die verantwoordelikheid vir wat ek glo myne en net myne is. Hierdie verantwoordelikheid kon nie aan iemand anders oorgedra word nie. Wat ek wel kon doen was om na ander te luister, dit wat hulle gesê of geskryf het deeglik weeg, dit aan die Skrif te toets en dan self te besluit wat ek glo die waarheid is aldan nie.

Deurentyd probeer ek om die persoon van sy/haar leringe te skei. Ek kan dus van iemand se sienings verskil en steeds lief wees vir die persoon en hom/haar te waardeer. Dit was nog nooit God se wil dat ons onself van die wêreld moet afsonder in 'n kloostertipe instelling nie. Ons vind Sy opdrag om vrugbaar te wees, te vermenigvuldig en die aarde te vul soveel keer in die Skrif.

Ek kan van iemand se sienings verskil en steeds lief wees vir die persoon en hom/haar waardeer.

GRONDBEGINSELSTELLINGS

Ek glo in *elohei Avraham elohei Yitschak velohei Ya'acov* – die God van Abraham, Isak en Jakob. Ek glo Hy is die een ware *elohim* (God) wat homself ook aan Mosheh (Moseh; Moses) en die ander profete van wie ons in die Tanakh of Ou Testament lees openbaar het. Hy is die Skepper van die hemele en die aarde, van die heelal.

Ek glo dat die profete die koms van 'n Gesalfde Een en die Messiaanse Era verkondig het. Die Hebreuse Rabbi's het hierdie era altyd as die “einde van die tye” of “eindtyd” verstaan. Op grond van die Sewentig Sewes profesie in die Boek van Dani'el (Daniel), het die Rabbi's die Hebreërs verbied om die sewes te bereken, want dan sou hulle ontdek dat Yeshua MiNatzaret (Jesus van Nasaret) inderdaad die

Messias/Maschiach/Moschiach was. (Uitspraak Yé-shua – aksent op Yê-, gevolg deur shwa).

Voorts glo ek dat Hy die **voltooiing** van die Wet en die Profete is en nie hul vernietiging nie. Ek glo ook dat Hy aan Sy dissipels 'n nuwe wet gegee het – dat hulle mekaar moet liefhê soos Hy hulle liefgehad het. Dit staan op 'n veel hoër vlak van liefde as om jou naaste so lief te hê as wat jy jousef liefhet. Torah (die Wet en onderwysing van God) was nie meer op kliptafels en papirusse geskryf nie, maar op die hart.

In die Messias, Sy lewe, kruisiging, opstanding en uiteindelik Sy *parousia* (teenwoordigheid) en oordeel oor Jerusalem en die Tempel in die jaar 70 n.C., asook die uitstorting van die Heilige Gees op daardie wonderlike Pinksterdag wat in Handeling 2 beskryf is, is die ou Mosaïese Verbond met 'n Nuwe Verbond vervang. Dit was nie 'n hernieude verbond soos sommige die mens probeer leer nie, maar 'n Nuwe (beter) Verbond (Yirmeyahu/Jeremia 31:31-34; Ibrim/Hebreërs 8:1-7). Die bediening of taak wat aan Yeshua/Jesus opgedra was, was voortrefliker as dié van die menslike priesters. Hy het eenmaal deur Sy eie bloed in die heiligdom (Allerheiligste) ingegaan en 'n ewige versoening teweeggebring (vir hulle wat in Hom as die Seun van God sou glo). Die God van Abraham, Isak en Jakob het deur hierdie versoening Hom opnuut openbaar as die een God en Vader van almal.

Jesus die Christus (Messias) het eenmaal deur Sy eie bloed in die heiligdom ingegaan en 'n ewige versoening teweeggebring.

Ek glo dat die Skrif, of dan Die Bybel, 'n vervulde boek is (en nie 'n opgeskorte een nie). Die Apoakalypsis (Openbaring) maak in hoofstuk 15:8 die stelling dat niemand in God se teenwoordigheid kon ingaan totdat al die plaë van die sewe

engele uitgestort was nie. As die Apoakalypsis dan nie soos ek glo vervul/voltooi is nie, impliseer dit dat ek vandag ook nog nie in die teenwoordigheid van Elohim Yahweh kan ingaan nie. Dit sou beteken dat ek steeds 'n Levitiese hoëpriester nodig het om namens my voor God te verskyn.

Die geslag van die apostels was die Uitverkorenes, want hulle was die voertuig vir die vestiging van 'n nuwe en beter Verbond. Ons moet die beginsels van hul doktrine navolg. Om dit te kan doen moet ons die besoedeling van ons begrip deur die hardnekkige vlekke van Griekse en Hebreeuse filosofie skoonmaak. Ongelukkig word die Skrif selfs vandag nog geïnterpreteer in plaas daarvan dat dit gelees word. Die interpreteerders voeg onvermydelik in die Skrif in wat nooit geskryf of bedoel was nie. Dis gevolglik geen wonder dat daar vandag meer as 40 000 denominasies of groeperings in die Christendom is nie.

Verskille is nie beperk tot die Ortodokse, Hervormde, Pinkster en Charismatiese Christendom nie. 'n Mens tref dit ook byvoorbeeld in die geskrifte van Judaïsme aan – ek dink hier byvoorbeeld aan Rabbi's Shammai, Hillel en Akivah. Dit kom eweneens voor in die geskrifte van diegene wat hulself as 'Torahbehoudende Christene' identifiseer.

Persoonlik waardeer ek die gebruik van die Hebreeuse name van *HaShem* (Die Naam) en van *Sy Maschiach*. Terselfdertyd besef ek egter dat hierin ook baie verwarring lê. In die literatuur van Torahbehoudende groepe, wat ook soms Heilige Naamgroepe genoem word, kom daar vele variasies voor en elke groep maak daarop aanspraak dat hul weergawe die korrekte een is. Ek het reeds 27 variasies van God se naam en 14 van die Messias s'n op rekord. Dan is daar stellings soos byvoorbeeld dié van die Institute of Scripture Research in hul vertaling van Die Bybel, genoem *The Scriptures*, en wat deur Torahbehoudende groepe in Suid-Afrika en ook elders gebruik word. Hierdie Instituut het verkies om die Hebreeuse Tetragrammaton vir God se Naam te behou, want hulle verklaar soos baie ander (insluitende rabbynse groepe) dat niemand

weens eeue se onbruik regtig meer weet wat die regte uitspraak van *HaShem* (Die Naam) is nie.

Na heelwat leeswerk in die verband is ek oortuig dat die Afrikaanse naam "Jesus" absoluut geen paganistiese konneksie het soos sommige voorgee nie. Dit is bloot 'n eenvoudige afleiding van "*Yesous*," 'n Griekse transliterasie (en nie vertaling nie) van "Yeshua." In sy bespreking van die aangeleentheid wys Dr. Michael Brown daarop dat *Iēsous*, reeds twee eeue voor *Jesus* se geboorte die natuurlike Griekse weergawe van die Hebreeuse naam *Yeshua* was. Brown beklemtoon ook dat die oorspronklike Hebreeus-Aramese naam *Yeshu'a* was, 'n verkorte vorm van *Yehōshu'a* (Joshua).

Die naam *Yeshu'a* kom 27 keer in die Hebreeuse Skrifte voor, hoofsaaklik die hoëpriester na die Babiloniese ballingskap. Hy was as beide *Yehōshu'a* (kyk bv. Sagaria 3:3) en meermale *Yeshu'a* (kyk bv. Esra 3:2) bekend. *Yeshua* se naam was dus nie ongewoon nie; inderwaarheid het minstens vyf verskillende mans in die Ou Testamentekord daardie naam gehad. Dit het soos volg in Engels (en later Afrikaans ook) "Jesus" geword: Die etimologiese geskiedenis van die naam wys dat die Hebreeus-Aramese naam *Yeshu'a* eers in Grieks as *Iēsous* weergegee is, toe *Jesus* in Latyn, dit het so na Duits oorgegaan en is uiteindelik in Engels as *Jesus* aangebied. Die naam *Yahushua* wat oënskynlik so populêr is in sommige kringe as die korrekte naam van die Messias bestaan volgens Brown nie in die Hebreeuse kultuur of in God se aanduidings nie.

Met dit alles voor oë kan ek net verbaas staan voor God se genade, want ons skiet almal tekort. Hy het Israel deur die profeet Yesha'yahu (Jesaja), tereggewys dat hulle Hom met hul lippe (woorde) eer, maar met harte wat ver van Hom af was. *Yeshua* (Jesus) het dieselfde woorde herhaal toe Hy ook die geestelike leiers van Sy tyd aangespreek het (Mattityahu/Mattheus 15:7). Die spieëlbeeld (direkte teenoorgestelde) daarvan sou dan wees dat mense se uitsprake dikwels onakkuraat mag wees, maar hul harte is by God – en dit verstaan Hy in Sy groot genade. Hy het na alles vir Sh'mu'el

(Samuel) gesê dat hy nie soos die mens na 'n mens kyk nie, maar dat Hy na die hart kyk. Is dit nie verstommend nie, dat 'n owerspelige moordenaar, Dawid, 'n man na God se hart genoem is?

God het vir Samuel gesê dat Hy nie soos die mens na die mens kyk nie, maar dat Hy na die hart kyk.

Sonder hierdie genade en versoening wat in Maschiach (die Messias) gekom het – en ek beskou dit nie as 'n vrypas om te maak soos ons wil nie – sou daar vandag nog enige lewende mense op die aarde gewees het? Indien wel, sou enige van hulle geseënd gewees het? Ek baseer hierdie stelling op die Torah (Pentateug), byvoorbeeld D'varim (Deuteronomium) 28:15-19 wat lui dat as hulle nie **al Sy gebooie en insettinge** sorgvuldig gehou het nie, sou hulle vervloek wees in die stad en in die veld, hul afstammeling en eersgeborenes van hul vee sou vervloek wees. Hulle sou vervloek wees by hul ingaan en uitgaan. Hierdie insettinge het baie ingesluit wat ons vandag nie deur ons regering en gemeenskap toegelaat sou word om te doen nie, soos byvoorbeeld die steniging van 'n rebelse seun.

Die volk Israel was uitverkies sodat die hele wêreld van hul tyd (en gevolglik daarna) God deur hulle sou ken. Aan hulle is die land Kanaän gegee – die geografiese, politieke, ekonomiese en kulturele kruispad van daardie era. Die nasie wat daardie klein landstreek beheer het kon die hele wêreld om hulle beïnvloed. Israel was egter 'n hardkoppige volk en het later geskeur om twee koninkryke te vorm. Die Noordelike koninkryk wat as Israel bekend gestaan het, was afgodsdienaars en is uiteindelik as nasie vernietig en tot so 'n mate versprei dat hulle hul stamidentiteit verloor het. Hebreeuse Rabbi's erken dat hulle tot vandag toe nog in daardie sin verlore is.

Juda en Benjamin het behoue gebly as die Suidelike koninkryk, of Koninkryk van Juda. Sodoende is die Messiaanse

bloedlyn wat van Noag se seun Sem af gekom het, behou. (Sem kom ook in die Skrifte as Melgisedek voor). Die moderne Israel is nie 'n profetiese restourasie van die Nasie van Israel wat die populêre eindtyndustrie profete so graag uitmaak nie. Hulle is bloot 'n mensgemaakte fenomeen. God se naam was op die antieke stad van Jerusalem en dit het Sy Tempel, die sentrum van Sy teenwoordigheid onder die mensdom bevat. **Vandag se Jerusalem is nie meer die heilige stad nie en op grond van Yeshua se woorde aan die Samaritaanse vrou by die put (Yochanan/Johannes 4:21-24) is daar nie meer behoefte of plek vir 'n herboude tempel nie.**

Die Evangelie van die Koninkryk van God is Goeie Nuus, 'n Blye Boodskap. In Yeshua HaMaschiach Adonai is ons met Elohim Yahweh versoen – en ek gebruik hierdie naam in die wete dat Hy my hart hoor en nie die korrektheid al dan nie van my spelling of uitspraak nie. **Daardie koninkryk is nie 'n fisiese area nie, maar ek verstaan dat dit beskrywend is van God se krag wat deur Sy mense werk. Dit is, of behoort 'n sigbare koninkryk te wees, nie deur middel van rituele nie, maar deur die sigbare krag van God in die lewens van hulle wat sê dat hulle glo Yeshua MiNatzaret (Jesus van Nasaret) was en is inderdaad die Messias wat deur die profete aangekondig was.**

Hoe jammer tog dat ons nog so dikwels 'n hardkoppige mensdom is, nes Israel van ouds. Ons kan maar net na die wêreld om ons kyk om te sien dat daar soos dit met ou Israel was, 'n tekort of selfs afwesigheid van Godvresende leierskap is; leiers wie se lewens 'n daaglikse boodskap van hoop en Goddelike liefde vir hul eie mense en die ander nasies is. As ons maar net Ya'acov (Jakobus) 3:13-18 oorweeg en dan hedendaagse politieke, regs- en kerkleierskap teen hierdie Koninkrykstandaard opweeg, kan ons verstaan waarom die wêreld in soveel gemors verkeer.

Vir my is die Grondwet van hierdie koninkryk opgeteken in Mattityahu (Mattheus) 5 – “*Geseënd is (...)*”. Dit behoort nooit vir my nodig te wees om vir mense te vertel wat my geloof is

nie. Hulle behoort dit te weet deur my te ken en dit in my lewe te sien.


Mag jy geseënd wees in die stad
en geseënd in die veld.
Mag jy geseënd wees in jou werk
en in alles wat jy doen.
Mag jou mandjie en jou bakskottel geseënd wees;
en mag jy geseënd wees by jou ingaan
en by jou uitgaan.

Sjalom.

Gerrie Malan

Oorspronklike artikel is in 2012 geskryf.

MOET CHRISTENE DIE WET HOU? WAT BETEKEN CHRISTELIKE VRYHEID?



Ek is al verskeie maal gekonfronteer – op beide negatiewe en mooi wyse – deur mense wat as Torah Behoudend (*Torah Observant*) geklassifiseer word. In die proses is daar gewoonlik ’n absolute aandrang op ’n hele klompie sake, waaronder:

- Sabbatsonderhouding op Saterdag.
- Gehoorsaamheid aan die Wet van Moses, en dus die
- Hou van die sewe Bybelse feeste.

- Gebruik van die korrekte naam van God en Jesus. Die naam “Jesus” sou dan ’n afleiding wees van Zeus, die Griekse mitiese hoofgod.

Voorts beweer hulle dat Christene Paulus se brief aan die Galasiërs misbruik as bewys dat die Wet nie meer geld nie. Behalwe argument oor byvoegings wat nie in die oorspronklike brief bestaan het nie, voer hulle aan dat Paulus nêrens in die brief skryf dat hulle nie meer die Wet moet onderhou nie.

Kom ons kyk kortliks na die belangrikste aspekte wat aan die basis van die verskillende standpunte lê. Ek gaan nie alles in detail argumenteer nie, want die blote noem van ’n feit uit die Bybel behoort soms voldoende te wees.

DIE OU TESTAMENT EN DIE WET

Die ontstaan van die nasie wat as Israel bekend geword het, spruit voort uit God se verbond (en gepaardgaande verbondsbeloftes) aan Abraham, en wat herhaal word aan sy seun Isak en kleinseun Jakob. Jakob se twaalf seuns word die stamvaders van die stamme waaruit die nasie gevorm is. Die bekende wêreld sou God deur hierdie nasie leer ken, wat beskryf word as die geringste van alle volke (Deut. 7:7).

God neem hierdie nasie na ’n klein landstreek in die Midde-Ooste wat volgens die ekonomiese en staatkundige geskiedenis die geografiese, ekonomiese en staatkundige kruispad van die destydse wêreld uitgemaak het. Die nasie wat daardie deel beheer het, sou die hele wêreld kon beïnvloed – en die God van Abraham, Isak en Jakob aan hulle openbaar.

In hul uittog uit Egipte op pad na die land Kanaän, ontvang hulle by die berg Sinai die Wet van God (wat ons as die Tien Geboie ken). Hierdie wet word uitgebrei deur dit wat bekend staan as die Wet van Moses. Benewens omvattende samelewingsvoorskrifte, bevat hierdie Mosaïese wet ook verskeie strawwe, insluitende die doodstraf deur steniging vir bepaalde oortredings. Dit is opvallend tot watter mate die Wet van Moses te doen het met die behoud van nasie-suiwerheid –

en dus die behoud van die Messiaanse bloedlyn uit die nageslag van Noag se seun, Sem.

In eenvoudige terme kan ons sê dat die doel van die Mosaïese bedeling was om die God van Abraham, Isak en Jakob aan die wêreld te openbaar en die suiwer Messiaanse bloedlyn in stand te hou totdat die volheid van die tyd (die bestemde tyd) vir die Messias se verskyning sou kom (Gal. 4:4).

Uit die voorgaande is drie aspekte belangrik:

- Die wet en die profete was tot op Johannes (Luk. 16:16). Van hom af het die koninkryk van God in die geprofeteerde Messias gemanifesteer.
- In die Hebreeuse begrip is die val van die Mosaïese bedeling beskou as die hemel en aarde wat sou verbygaan. As die geliefde apostel Johannes dus later in die Openbaring sou skryf van die nuwe hemel en nuwe aarde, het hy geskryf van die einde van die Mosaïese bedeling. 'n Nuwe bedeling het in werking getree – dus 'n nuwe hemel en nuwe aarde.
- **Die Wet van Moses en die hele Mosaïese bedeling is vir Israel gegee.** Daar is geen opdrag dat ander nasies geleer moet word om die Mosaïese rituele in te stel en te hou nie.

Neem in ag dat ons hier met 'n tydperk (*n kairos*) te doen het waarin die wet deur mondelinge tradisie oorgedra is van geslag tot geslag (kyk bv. Jos. 1:8). 'n Mens hoef nie te filosofeer oor die belangrike plek wat fisiese rituele in so 'n omgewing gespeel het nie. Dit sou hulle telkens in hul

samelewing terugbring by of herinner aan baie spesifieke gebeure op hul nasiewordingspad en hul verhouding met *elohei Avraham, elohei Yitzak, velohei Ya'acov*, boonop te midde van al die versoekings en bedreigings. Die geskiedenis soos dit in die boek van die Rigters opgeteken is, bevestig dit (bv. 3:4). Nogtans lees ons in Rigters hoe hulle telkens afgedwaal en gedoen het wat verkeerd was in die oë van die Here.

Ten spyte van al die Mosaïese voorskrifte en gepaardgaande feeste/rituele, sê God deur die profeet Jesaja (29:13) van hulle: *“Omdat hierdie volk nader kom met hulle mond en My eer met hulle lippe, terwyl hulle hul hart ver van My hou, sodat hulle vrees vir My ’n aangeleerde mensegebod is, (...)”*

Die volle wet moes onderhou word

Oral in die Pentateug (die Boek van die Wet) word onderstreep dat Israel die hele wet moet onderhou, bv.:

- Deuteronomium 4:2 verklaar pertinent dat hulle niks by die wet mag voeg of daarvan wegneem nie.
- In Deuteronomium 28 word eers ’n aantal seëninge uitgespreek wat op gehoorsaamheid sou volg, en daarna, vers 15, verklaar God vervloeking as hulle nie al Sy gebooi en insettinge gehoorsaam nie.

Ek gaan nie vir die doeleindes van hierdie bespreking die verskillende wetsvoorskrifte aanhaal nie, maar onderstreep net dat verskeie met steniging uitgevoer moes word. Onthou ook dat belangrike dele van die wet te make gehad het met eers die Tabernakel in die woestyn, en wat later oorgegaan het na die vaste Tempel in Jerusalem. In 70 nC is hierdie tempel totaal vernietig en geen steen op die ander gelaat nie.

DIE NUWE TESTAMENT EN DIE WET

Jesus

Wanneer daar in die Nuwe Testament van die Wet gepraat word, word na die hele Mosaïese versameling van statute verwys. Dit sluit benewens die Tien Gebooie van God en die Mosaïese statute wat in die Pentateug aangeteken is, ook die 613 verordeninge van Israel se godsdienstige leiers deur die eeue in. Hierdie verordeninge is byvoegings – ook “heinings/fences” genoem – deur die godsdienstige leiers om die mense sogenaamd teen wetsoortreding te beskerm. Dit is hierdie “heinings” wat Jesus aangespreek het in Mattheus 15:6-8, *“So het julle dan die gebod van God kragteloos gemaak terwille van julle oorlewering. Geveinsdes, tereg het Jesaja oor julle geprofeteer toe hy gesê het: Hierdie volk kom na My toe met hulle mond en eer My met hulle lippe, maar hulle hart is ver van My af.”*

Jesus maak ’n belangrike stelling in Lukas 16:16, 17: *“Die wet en die profete was tot op Johannes [die Doper]; van toe af word die koninkryk van God verkondig, en elkeen dring met geweld daarin. Maar dit is makliker dat die hemel en die aarde verbygaan as dat een tittel van die wet sou val.”*

Laasgenoemde word natuurlik deur die Torah Behoudendes gebruik om te wys dat die wet nooit beëindig sou word nie. Hulle begrip is ongelukkig daarin gewortel dat hulle daardie sinnetjie nie in die konteks van die geheel sien nie. Binne daardie totale gedeelte (wat met hoofstuk 15 begin) is Jesus besig om die godsdienstige leiers aan te spreek dat hulle so verknog is aan hul eie, mensgemaakte toevoegings (tradisies) tot die oorspronklike wet, **dat hulle eerder sou toesien dat die Messiaanse koninkryk by hulle verbygaan as om een tittel van hul wet te laat vaar**. Kyk bv. Mattheus 15:6. Dit wys maar net nogmaals hoe belangrik dit is om die Woord reguit te sny.

Hou in gedagte dat Jesus eintlik maar in al Sy gelykenisse besig is om die godsdienstige leiers aan te spreek.

In Mattheus 22:34-40 verstrik Jesus die Fariseërs in hul eie lokval oor wat die groot gebod in die wet is. Hy antwoord hul vraag met, *“Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.”*

In Johannes 15:12, die gedeelte oor die ware wynstok in wie hulle moet bly, brei die Meester daarop uit deur te verklaar, *“Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het.”* Vroeër (vers 8) het hy hulle aangemoedig om veel vrug te dra, want daardeur sou die Vader verheerlik word. Hierdie gebod staan kennelik op 'n hoër vlak as om jou naaste lief te hê soos jouself.

Paulus en die Galasiërs

Hierin moet ons twee belangrike dinge onthou:

- Hoewel daar diegene is wat verskil, wys geloofwaardige getuïenis dat die brief aan die Galasiërs Paulus se heel eerste sendbrief was (± 49 nC).
- Dit was hoofsaaklik Christen bekeerlinge vanuit 'n nie-Joodse agtergrond aan wie Paulus geskryf het; m.a.w. sy groter groep lesers/gehoor was nooit deel van die Mosaïese bedeling nie en dus nooit onder die Wet nie.

Uit die brief aan die Galasiërs kom dit duidelik na vore dat Paulus hulle geleer het die wet was die biologiese nageslag van Abraham se beskermmer of tugmeester op die pad na die

profetiese Messias se koms toe (3:24). Hierdie wet was nie op geloof gebaseer nie, maar op werke (3:12). Hy wys daarop dat elkeen wat onder die wet staan, maar nie die volle wet (**alles** wat geskryf is in die boek van die wet) onderhou nie, vervloek is (3:10). Om besny te word soos deur die wet vereis, het niks anders bereik as om die besnedene onder verpligting te plaas om die hele wet te onderhou nie. Diesulkes maak hulle inderdaad los van Christus. In Filippense 3:2 verwys Paulus ook na die besnydenis as betekenisloos. In Romeine 2:29 praat hy van die besnydenis van die hart, in die gees.

Deur sy bespreking van die werke van die vlees teenoor die vrug van die Gees (5:16-22), leer Paulus hulle opnuut dat die wet van Christus vervul word deur mekaar se laste te dra. Dit kan hulle net doen deur onder die leiding van die Heilige Gees te leef. Werke deur die wet gaan nie die mens voor God regverdig maak nie, maar wel geloof in Christus wat in goeie dade (vrug van die Gees) uitloop.

Die feit dat hulle hul deur die Judaïseerders laat mislei om spesiale dae, maande, seisoene en jare te onderhou, laat Paulus met die gevoel dat hy sy tyd op hulle gemors het (4:11).

Paulus en die brief aan die Romeine

Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê; want hy wat 'n ander liefhet, het die wet vervul. Want dit: Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag nie begeer nie, en watter ander gebod ook al, word in hierdie woord saamgevat: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet Romeine 13:8-10.

Die Brief aan die Hebreërs

Weer eens, sonder om 'n omvattende ontleding te maak, kan ons net Hebreërs 9:11, 12 oorweeg:

*“Maar Christus wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomende weldade, **het** deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie, ook nie deur die bloed van bokke en kalwers nie, **maar deur sy eie bloed, eenmaal ingegaan in die heiligdom en ’n ewige versoening teweeg gebring.**” (My beklemtoning).*

Om dus vandag aan feesrituele deel te neem waar diere geslag word, is om te verklaar dat die bloed van Die Lam van God nie goed genoeg was nie.

Die Handeling van die Apostels

Ons lees hier van Paulus se ontmoeting met die apostels in Jerusalem. Na hul gesprek lees die rekord van die boodskap wat deur Paulus en Barnabas aan die bekeerde heidene oorgedra moes word, soos volg (Hand. 15:24-29):

Aangesien ons gehoor het dat sommige wat van ons uitgegaan het, aan wie ons geen opdrag gegee het nie, julle met woorde ontstel en julle gemoedere verontrus deur te sê dat julle besny moet word en die wet moet onderhou, het ons eenparig besluit om manne te kies en na julle te stuur saam met ons geliefde Bárnabas en Paulus—manne wat hulle lewe oorgegee het vir die Naam van onse Here Jesus Christus. Ons het dan Judas en Silas afgevaardig om ook mondeling dieselfde berig te bring. Want die Heilige Gees en ons het besluit om verder geen las op julle te lê nie as hierdie noodsaaklike dinge: dat julle jul onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery. As julle jul hiervan onthou, sal julle goed doen. Vaarwel!

DIE CHRISTEN SE VRYHEID

Christus as versoeningsoffer het vir die mens wat in Hom glo as die profetiese Messias ’n ewige versoening met God teweeg gebring. Versoening beteken dat ’n gebroke verhouding herstel is. In die Mosaïese bedeling moes ’n priester in die mense se plek voor God kom staan as tussenganger. Nou het elkeen in

Christus toegang tot die Genadetroon. Ons hoef ook nie na Jerusalem op te gaan om God se teenwoordigheid op te soek nie, maar aanbid en nader die Vader in gees en waarheid. Christus is die Weg en die Waarheid en die Lewe.

Die wet van God is nie tot niet gemaak nie, maar wel die wet van Moses en die godsdienstige leiers se klomp mensgemaakte tradisies/heinings. God se wet is nou op die hart geskryf, nie meer op kliptafels nie. Die wet vereis dat die mens:

- Die Here God sal liefhê met alles wat in hom is; en
- Sy naaste sal liefhê soos Christus die mens liefgehad/liefhet.

Ons lewe moet die vrug van die Gees toon. Net soos werke sonder geloof in Christus waardeloos is (Gal. 5:6), so is geloof in Christus sonder werke ook net lippetaal (Jak. 2:14) met 'n hart wat ver van hom af is.

Jakobus se brief aan die twaalf stamme in die verstrooiing (die oudste geskrif in die Nuwe Testament, 45 n.C.) onderstreep die ware Christelike lewenswandel en Vryheid (3:13-18):

Wie is wys en verstandig onder julle? Laat hom deur sy goeie lewenswandel sy werke in sagmoedige wysheid toon. Maar as julle bittere afguns en selfsug in julle hart het, moenie roem en lieg teen die waarheid nie. Dit is nie die wysheid wat van bo kom nie, maar is aards, natuurlik, duiwels; want waar afguns en selfsug is, daar is wanorde en allerhande gemene dade. Maar die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins. En die vrug van die geregtigheid word gesaai in vrede vir dié wat vrede maak.

Die grondslag lê opgesluit in die koninkrykskonstitusie wat opgeteken staan in Mat.5-7.

SLOTGEDAGTES

Uit die voëlvlug hierbo lyk dit dus vir my dat diegene wat sogenaamd Torah Behoudend is, slegs gedeeltelik behoudend is en hulself deur filosofering uit daardie hoek kan probeer haal. Boonop vind ek dat sommiges wat die Sabbat getrou op Saterdag onderhou, nie eers dit reg het nie, want die Sabbat is van 18:00 Vrydagaand af tot 18:00 Saterdag. Die Hebreërs haal dit uit Genesis 1:5: *“En dit was aand en dit was môre, die eerste dag.”*

Die Sabbatsbegrip kom in wese neer op “haal diep asem”. Die mens se liggaam kort ’n rusdag. Ons aanbid nie God net een dag per week nie, maar elke dag. Aanbidding is ’n lewenswyse van dankbaarheid. Nogtans is dit goed as jou rusdag ook rus van die wêreld om jou beteken en meer tyd gun om met vrymoedigheid voor die Genadetroon te gaan sit. Net soos Sy voedselvoorskrifte deur moderne voedingskundiges geloof en bevorder word, so het God geweet die liggaam het rus nodig. In Sy wysheid het hy immers ook vir die saailand rustye neergelê.


In die Groot Opdrag stuur Jesus sy apostels uit om dissipels van al die nasies te maak en hulle alles te leer wat Hy hulle geleer het - nie om hulle te leer om die wet van Moses te onderhou nie. Die Vader verlang mense wat Hom in gees en waarheid aanbid, nie mense wat getrou bly aan mensgemaakte tradisies nie, hoe mooi laasgenoemde ookal mag wees. Dit het te doen met wat in die mens se hart lê.

En wat ware rus betref: Wyle John van der Berg het dit sowat vyf dekades gelede in sy weeklikse radioprogram op Springbok Radio omskryf:

Rus is nie elders nie; dis op jou drumpel. Dit kom as genadegawe van binne af, nie van buite nie. Dit word nie deur stoflike dinge gegee nie; jy kerf dit elke oomblik in jou lewe in, met elke verruiming van geloof in Hom wat gesê het: “Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.”

Skildery van die Bergprediking: Carl Heinrich Bloch
[Publieke domein], via Wikimedia Commons.

IS DIE BYBEL GOD SE WOORD?



’n **A**gnostikus, d.w.s. iemand wat glo dat ’n mens niks omtrent God of die hiernamaals kan weet nie en gevolglik slegs sigbare en tasbare verskynsels in aanmerking kan neem¹, het my by geleentheid gevra of ek glo dat die Bybel God se Woord is. Die betrokke persoon is deel van my geslag – ’n geslag wat grootgeword het met ’n opregte persepsie van die heiligheid van die Bybel in die sin dat jy nie eers daarin sou skryf nie. My naamgenoot oupa se Nederlandse Bybel in my boekrak, gedruk in 1899, het bv. nie ’n enkele potlood- of inkermerkie in nie, behalwe die deel heel voor in waarin die geboorte van ’n mens se kinders aangeteken kon word, asook ’n boodskap van die persone wat dit aan hom en my ouma geskenk het.

Ek het die afgelope maande baie oor die aangeleentheid nagedink, nie omdat ek enigsins twyfel aan die waarheid wat vir ons daarin opgeskryf staan nie, maar omdat daar vandag so 'n geweldige aanslag oral teen die Bybelse inhoud en gelowiges in Christus is. Hierdie aanslag kom ongelukkig nie net van buite die institusionele kerkomgewing nie, maar ook van daarbinne.

In Suid-Afrika het die UNISA teoloog, professor Sakkie Spangenberg en andere wat 'n sogenaamde Nuwe Hervormingsnetwerk tot stand gebring het, se aftakelende uitsprake byvoorbeeld die afgelope jare wye publisiteit geniet. Onder meer het hy gesê die Bybel is slegs 'n basisboek vir geloof. In 'n ander uitspraak het hy weer die Bybel beskryf as 'n blote versameling van volksverhale en mites.² Spangenberg was nog 'n ingeskrewe lidmaat en proponent van die NG Kerk toe hy met reëlmaat in die Afrikaanse koerante soos Beeld en Rapport publisiteit geniet het met sy uitsprake.

UNISA teoloog professor Sakkie Spangenberg se gebruik van die woord 'geloof' is myns insiens net 'n sinoniem vir 'godsdienst'.

Die sanger Steve Hofmyer het weer gesê hy sal terugkeer kerk toe as die 'vervreemdingsgebod van Jesus' in Johannes 14:6, dat Hy (alleen) die weg en die waarheid en die lewe is, en dat niemand na die Vader toe kan kom behalwe deur Hom nie, uit die Bybel verwyder word.³

Daar kan nog talle voorbeelde opgenoem word, maar daar word vir hierdie artikel se doel hiermee volstaan.

Nou weer die vraag: Is die Bybel God se Woord? Ek het twee antwoorde hierop – 'n kort en 'n lang antwoord. Kom ons kyk vervolgens daarna.

KORT ANTWOORD

Ja en nee!

LANG ANTWOORD

Die Bybel is 'n versameling van **66 boeke** – dus 'n biblioteek – wat oor 'n tydperk van **1400 jaar plus** op **drie verskillende kontinente** geskryf is in **drie verskillende tale** deur **sowat 40 verskillende skrywers**. Wat laasgenoemde betref beklemtoon ek graag die 'sowat' omdat daar nie in die breë kerk- en akademiese omgewing volkome eenstemmigheid is oor die outeurskap van al die boeke van die Bybel nie. Daar word ook byvoorbeeld in die geval van Jesaja gemeen dat die boek soos dit vandag in ons Bybel opgeneem is, die werk van drie mense/groepe mag wees (bv. dat Jesaja se werk later deur van sy leerlinge uitgebrei of aangevul is). Jesaja word dus opgedeel in Protojesaja (1-39), Deuterojesaja (40-55) en Tritojesaja (56-66).

In hierdie biblioteek tref 'n mens in die woorde van 'n universiteitsdosent van die Hebreeuse taal (en self 'n Hebreeuse afstammeling), baie stemme aan met 'n verskeidenheid van perspektiewe en style.⁴ Dit is nie 'n afsydige of onverstaanbare teks wat vir kerke en sinagoges gereserveer is nie, maar is 'n menslike dokument vol geskiedenis, poësie, politiek, teologie en ook spiritualiteit.

Elke boek van die Bybel het 'n eie karakter – iets van die skrywer wat deur God geïnspireer is.

Die apostel Paulus het die volgende aan sy leerling Timoteus geskryf:

Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus (2 Tim 3:16-17).

In die King James weergawe word dit gestel as “*All scripture is given by inspiration of God (...)*,” terwyl die Holman Christian Standard Bible lui dat “*All Scripture is*

inspired by God (...).” Die Griekse woord wat hier gebruik is, is *theópneustos*, wat letterlik daarop neerkom om deur God in die skrywers ingeasem of geblaas te wees. Dit kan nie regtens uitgelê word asof die Heilige Gees van God dit aan die skrywers gedikteer het nie. Hulle is deur die Gees geïnspireer om hul belewenisse, omgewings, omstandighede en geestelike gewaarwordings op skrif te stel. ’n Mens moet ook onthou dat Paulus hier na die Ou Testamentiese geskifte verwys, maar dit beteken geensins dat dieselfde Godgegewe inspirasie nie ook die skrywers van die Nuwe Testamentiese geskifte gelei het nie. Ek glo dit is wat gebeur het.

Boeke soos die twee boeke van Kronieke gee vir ons ’n geskiedkundige rekord van gebeure en mense, uitgebreide stambome, maar dit bevat ook die Woord van God – kyk bv. 1 Kronieke 17:4-14 waar Natan vir Dawid die Woord van die Here bring dat hy nie die tempel mag bou nie. Die geskiedenis van die volk Israel is egter nie net tot enkele boeke beperk nie, maar is met min uitsondering deur almal vervleg. Hierdie geskiedenis staan nooit los van Israel se wipplankverhouding met God nie. Dit is ook nie die primêre bedoeling van die Skrif nie, maar wel die boodskap wat daarin vervat is.

Lees gerus die Bybel met ’n oop gemoed en jy sal oral die stemme van mense vanuit die bladsye van die Bybelboeke hoor. Wanneer Faraó praat is dit sy maghebberstem en dus sy woord wat opgeteken staan. Ons kan dieselfde van bv. Die Babiloniese en ander konings sê. In die boek van die Prediker het ons dié se stem, en so ook tref ons verskeie mense se stemme in die Spreuke aan. Hooglied en Ester het stemme van hul eie. In Deuteronomium 32:1 is dit Moses wat sê, *“Luister, o hemele, dat ek kan spreek, en laat die aarde hoor die woorde van my mond.”* Ek volstaan nou by hierdie paar voorbeelde van die woord(e) van mense.

Wanneer Moses of die Profete egter duidelik aanspraak maak op dit wat die Here gesê het, het ons met die **woord van God** te doen. Jeremia tref as voorbeeld duidelike onderskeid tussen sy woord en die woord van God:

Die woorde van Jeremia, die seun van Hilkía, uit die priesters wat in Anatot, in die land Benjamin was, tot wie die woord van die HERE gekom het in die dae van Josía, die seun van Amon, die koning van Juda, in die dertiende jaar van sy regering, en gekom het in die dae van Jójakim, die seun van Josía, die koning van Juda, tot die einde van die elfde jaar van Sedekía, die seun van Josía, die koning van Juda, totdat Jerusalem ontvolk is in die vyfde maand (Jer. 1:1-3).

In vers 4 stel Jeremia dit egter duidelik dat die woord van die Here tot hom gekom het en dit is 'n stelling wat hy gereeld herhaal. So kan ons in al die Profete duidelik die woord van God en die woord van die betrokke profeet onderskei. Let gerus op daarna as jy die Profete lees.

Hierdie beginsel van God se woord in teenstelling met mense se woord tref ons op die oog af veel minder in die Nuwe Testament aan. Ons hoor in veral die briewe die stemme van mense. Lukas se evangelie is weer 'n meer omvattende en chronologies-historiese weergawe van gebeure as die ander drie evangelies. Dit geld ook vir die boek Handeling. Daar is inderdaad 'n mening dat die Evangelie van Lukas en Handeling een geheeldokument was vir Paulus se verdediging voor die Romeinse keiser (in moderne terme sou ons sê die regsdokument vir sy hofsak).

Betekendit dan dat die Nuwe Testament bevraagteken kan word as deel van die Bybel? Geensins nie, want in Christus Jesus kom daar 'n nuwe dimensie by. In Johannes 1:1 leer ons Hom ken as die Woord wat in die begin was, wat by God was, en wat God was. Jesus verklaar volgens Johannes 5:19 dat Hy niks uit Homself doen nie, maar net dit wat Hy die Vader sien doen. Die opgetekende woorde van Jesus van Nasaret in die vier Evangelies is die woord van God. Dit word ondubbelsinnig onderstreep deur die skrywer van die brief aan die Hebreërs:

Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles

aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het (Heb. 1:1-2).

Hoe behoort ons dan die Bybelboek te beskryf, anders as dat dit die Woord van God is?

Die antwoord is eenvoudig en myns insiens ten volle in die boeke van die Bybel gewortel en gegrond: Van begin tot einde is die Bybel die opgetekende openbaring van God aan die mensdom. Daarin tref ons direkte openbarings deur God self aan individuele mense, families en volke aan. Die waarheid van hierdie openbarings as komende van God kan gesien word in die historiese vervulling van al die profesieë. Ons het egter ook openbarings wat deur die inwerking van die Heilige Gees in mense soos die apostels op skrif gestel is. Netso aanvaar ek die Heilige Gees se inspirasie wat die evangelieskrywers gelei het. Iemand wat sou sê dat die Bybel die woord van God bevat, sal nie verkeerd wees nie, maar ons moet in gedagte hou dit bevat ook die woorde van mense.

AANSLUITENDE BEGRIP: DIE SWAARD VAN DIE GEES

Ek het persoonlik langs 'n prediker van die woord in 'n gemeentebyeenkoms gestaan terwyl hy aan enkele mense bevryding (van demoniese invloed) bedien het. Terwyl hy vir 'n persoon gebid het, het hy hom met sy Bybel teen die nek gekap en gesê, "*Devil, I smite you with the Sword of the Spirit*" asof die fisiese Bybelboek die swaard is. Hierdie is 'n treffende illustrasie van die verwarrende resultaat wat verkeerde uitleg van die Skrif oor die woord van God meebring. Let asseblief daarop dat ek nie hierin neerhalend is jeens die persoon nie – ek was self skuldig aan sulke praktyke weens verkeerde lering.

In sy brief aan die Efesiërs noem Paulus die woord van God die Swaard van die Gees (Ef. 6:17). Beteken dit nie dan maar dat die Bybel die Woord van God is nie?

Die Griekse woord wat Paulus hier gebruik het en wat veelal in die Afrikaans (en Engels) as 'woord' (Eng: 'word') vertaal word, is *rhēma*, wat verwys na 'n gesproke woord, 'n woord wat

deur 'n lewende stem uitgespreek word. Zodhiates⁵ verklaar dit in die geval van Efesiërs 6:17 as verbandhoudend met die doktrines en beloftes wat in die Skrifte vervat is. Die Swaard van die Gees is dus veel meer as die fisiese Bybelboek. Dit is die dinamiese woord wat 'gebeur' wanneer die boodskap van God deur iemand uitgespreek word. Hierdie *rhēma* woord mag in verskeie vorme voorkom, bv. in die vorm van prediking, of as een van die geestelike gawes soos 'n woord van wysheid of van kennis wat Paulus in 1 Korintiërs 12 beskryf.

Die Swaard van die Gees is die dinamiese woord wat 'gebeur' as die woord van God deur 'n lewende stem uitgespreek word.

¹ ODENDAAL, F.F. (hoofred). 2de uitgawe, 7de druk. 1988. *Verklarende Handwoordeboek Van Die Afrikaanse Taal*. Johannesburg: Perskor.

² SPANGENBERG, S. 2001. Verskille in Bybel: Skrywers gaan kreatief om met geloof. *Beeld*. 13 Augustus, p.8.

³ SMIT, M. 2003. Steve Hofmyer dalk Sondag terug in die kerk mits... . *Beeld*. 9 Januarie, p.6.

⁴ CARASIK, M. 2014. *The Bible's Many Voices*. Philadelphia, PA: The Jewish Publication Society. Sales Excerpt.

⁵ ZODHIATES, S. *The Complete Word Study Dictionary*. Add-on to e-Sword, Version 10.1.0, 2000-2012, Rick Meyers.

23 April 2015

TERUG NA BASIESE DINGE TOE!



Ons het die dorp Knysna 'n klompie jare gelede besoek en ek het die foto hierbo daar op een van die strande geneem. Toe ek die kennisgewingbord sien en lees “This is a water stressed area – Join the Knysna Water Wise Campaign” moes ek in die stilligheid lag oor die ironie, want reg agter die bord het die uitgestrekte oseaan met sy oorvloed van water gelê sover as die oog kon sien. Die dorpsraad of streekowerheid se bedoeling was natuurlik dat dit 'n varswater gestremde area was.

Dit het nog 'n beeld by my opgewek in die woorde van 'n bekende lied uit my kinderjare: “*Water, water everywhere; not a drop to drink*”. Dink net daaraan, op see verlore in 'n klein bootjie kan jy van dors omkom ten spyte van al daardie water om jou.

As ons dan ons fokus verskuif na die Bybel word God se waarhede vir ons in die blaaië van hierdie wonderlike Boek

gegee; 'n boek wat vir ons deur die Heilige Gees se inspirasie geskep is deur sowat 40 skrywers oor 'n tydperk van bykans 1500 jaar, in drie tale en op drie kontinente. Hoe jammer tog dat opregte mense wêreldwyd staatmaak op Bybelleraars, predikers en skrywers om die Bybelse waarhede aan hulle te leer. Hulle lees almal dieselfde Bybel, maar omdat hulle vasgevang is in 'n valstrik van 'n verskeidenheid van mensgemaakte tradisies geklee in Bybelse terminologie, bied hulle al te dikwels 'n mengelmoes van verskillende leringe aan vir diegene wat op hul kennis en insig vertrou om die waarheid korrek te leer. Die feit dat daar vandag sowat 40 000 denominasies is, is meer as genoeg bewys van hierdie jammerlike toestand.

Ja, daar is 'n 'oseaan' vol Bybelling om ons, maar ons leef in 'n waarheidgestremde area.

Baie lesers sal bewus wees van die Groot Teleurstelling wat oorlede Dr. Harold Camping en sy volgelinge in 2011 beleef het toe sy tweede profesie van die wêreld se einde weer eens as 'n leuen en valse profesie blootgelê is. Hy het vantevore in 1994 'n soortgelyke profesie gegee. Daar is natuurlik 'n rede vir die goedgeelowigheid waarmee Christene vir al die 'Left Behind' fiksie en wanvoorstellings val – hulle is immers geslag na geslag deur 'n groot deel van die kerkomgewing voorberei met ongelukkige Tweede Komsdoktrines (wat in net my leeftyd reeds tot meer as 40 onvervulde voorspellings gelei het). Ek kan nie die doktrines in hulle geheelomvang in hierdie beperkte bespreking aanraak nie, maar ek bespreek wel relevante aspekte in verskeie artikels en in ons boeke wat van ons webwerf aflaaibaar is (www.hoseaconnection.org).

Ons, dis nou ek en my vrou, Martie, het oor die jare heen heelwat eposse ontvang wat op die een of ander wyse met eindtydteologie te doen gehad het. Sommige het oor visioene en verskillende profetiese stellings gegaan wat uit verskillende wêrelddele afkomstig was. Dit is kommerwekkend om te sien

watter onbevraagtekende geloofwaardigheid sommige van hierdie visioene in die Christenmedia geniet. Dis nie dat ons nie in die realiteit en plek van drome en visioene in ons geloofswandel glo nie – dit word immers in die Bybel beskryf. Wanneer dit egter teenstrydig met die Bybel is behoort dit uitgewys te word, selfs al is die bron op die een of ander wyse 'n groot naam in die Christendom.

Hoe bly moet ons almal nie wees nie dat dit die hart van die mens in sy verhouding met ons hemelse Vader en die Seun van Sy Liefde is wat saakmaak. As die woorde wat ons praat en die begrippe waarop ons bou die ononderhandelbare voorwaardes was vir aanvaarding in die Vaderhart van God, sou die meeste van ons, indien nie almal nie, in diep moeilikheid gewees het!

Wanneer ek van ander verskil in my verstaan van die Skrif, probeer ek regtig om die tersaaklike aangeleentheid aan te spreek en nooit die persoon nie. My benadering word ten beste beskryf in die woorde van Ephraim Currier in sy 1841 pleidooi aan lesers van sy boek oor doktrines van die Tweede Koms van Christus:

All I ask of the community is, that they will give my views an impartial investigation, and if they are agreeable to the word of God, embrace them, if not reject them. One thing in particular I have to request of the clergy, as well as of all others, and that is, not to pass by the work now offered for their consideration, without notice; but let it be closely scrutinized, and if it cannot be refuted in a spirit of fairnes(s), and in a satisfactory manner, to admit it is truth. But if, on the other hand, any man can show in a satisfactory manner that my views are unscriptural, let him do it, the sooner the better. When this is done, I pledge myself frankly and unreservedly to acknowledge my errors. But long cherished opinions, and all history not found in the word of God, must be left entirely out of the question. I have nothing to expect from the sympathies of any sect of religionists now in existence, for I know well that all their strength will be arrayed against me. But from candid and sober argument I have nothing to fear. If my

sentiments are unscriptural, it is a pity if it cannot be shown in a spirit of fairness and good feeling".¹

Ek het nooit die voorreg gehad om die Hebreuse en Griekse tale te leer nie. Gelukkig plaas ons moderne tegnologie die vermoë om die kritieke beginsels en eienskappe wat nodig is om die Skrifte **in hul ware en bedoelde konteks** te verstaan in ons hand. Dis vir my soveel belangriker as die vermoë om die taal te kan lees. Om laasgenoemde te kan doen is nie gelyk aan die verstaan van die kontekstuele agtergrond van die oorspronklike geskryfte nie. Daar is hedendaags goeie hulpmiddels vir ons om woordbetekenisse in Aramees, Hebreeus en Grieks te kan navors – solank ons onthou dat konteks deurslaggewend is vir akkurate verstaan.

Konteks is deurslaggewend vir akkurate verstaan van die Bybelinhoud.

Die uitdrukking “Einde van die Dae” het byvoorbeeld nog altyd in die Hebreuse begrip verwys na die messiaanse era. Met ander woorde, die mense in wie se kulturele, historiese, geografiese, literêre en teologiese konteks die boeke van die Ou Testament geskryf was, het die einde van die dae nog altyd verstaan as ’n bymekaarkom van die tye (of seisoene) in die koms van die langverwagte Messias. As ons dan glo dat Jesus van Nasaret hierdie Messias was en is, op welke gronde kan ons dan uitdrukkings soos die einde van die dae (of tye), of laaste dae, of einde van die bedeling (Engels: age) herdefinieer (Mat. 24)? Daarbenewens is dit van kritieke belang om vertaalfoute of -subjektiwiteite in Bybelweergawes te identifiseer.

Ek het nie slegs beleef hoe Afrikaanse predikers wat Engels goed kan lees, dit wat hulle gelees het heeltemal misverstaan nie, maar ek het gehoor hoe predikers met ’n Joodse agtergrond, wat vlot is in die Hebreuse taal, eindtyddwaling verkondig omdat hulle die korrekte konteks geïgnoreer of nagelaat het. Om

die waarheid te sê, ek het grootgeword in 'n kerkdenominasie wie se teologiese studente verskeie jare se studie van die Hebreuse en Griekse tale deurloop het. Tog het hulle sonder om 'n oog te knip die denominasie se doktrines wat Bybels verkeerd mag wees verkondig en doen hulle dit steeds. Op die oog af het een van hul ander hoofvakke, te wete Wysbegeerte/Filosofie 'n veel groter bydrae tot hul besoedelde verstaan van die Skrifte gemaak as wat hulle bereid sal wees om te erken. Dit beklemtoon eenvoudig die krag van mensgemaakte tradisies, veral wanneer dit sinodevoorskrifte word!

Dis dan geen wonder nie om te vind hoe ene A.N. Wilson in die jaar 2000 kon skryf dat (aldus hom) wanneer al die mitologieë van godsdiens uitgegooi is en al die valse teorieë van die Christendom deur geduldige en eerlike geleerdes blootgelê is, sal denkende mans en vroue bevind dat daar 'n diep morele doel onderliggend aan hierdie heelal is. Sulke mans en vroue sal dan vind dat daar wel 'n godsdiens is wat hierdie diepe menslike behoefte aan 'n morele kode sonder mitologie bevredig. Dit is nie die Christen godsdiens nie het hy geskryf. Hy doen aan die hand dat Islam dat hierdie godsdiens is wat die Christen-godsdiens sal vervang. In die proses impliseer hy dat die gewoonte in die Christendom om aanhoudend die Skrifte aan te pas ten einde kontemporêre standpunte en morele agteruitgang in hul gemeenskappe te regverdig 'n inherente swakpunt en fout in die Christelike lerings is.²

Die moderne eindtydteologie – en veral die spoor van eindtydteleurstellings en misleidings – hou ongelukkig aan om 'n bespotting van die Bybelse waarheid te maak. Is dit nie ironies nie dat wanneer 'n sportspan se prestasies afneem, dit lyk asof almal skreeu: Terug na die basiese dinge toe (back to basics)!? Dit is ongelukkig nie die geval met die Bybelrekord nie – terug na die basiese dinge toe is oënskynlik nooit 'n opsie nie! In die plek daarvan word mens eerder gekonfronteer met al hoe meer geestelike verfilosofering of uitgerekte argumentering oor die aanvaarding al dan nie van een of ander politiek-godsdiensbelydenis om formele kerkvereniging te promoveer.

As dit ooit noodsaaklik was om terug te keer na God se waarheid in die plek van die mens se godsdiensttradisies, is dit nou! As goddelike leiers dit nie doen nie sal die morele karakter van hierdie nasie (soos ander ook) op sy huidige skerp afdraende pad voortgaan. In plaas daarvan om onverantwoordelike jong politici in die openbaar te seën en hul alreeds te groot ego's verder aan te blaas soos wat sommige Suid-Afrikaanse geestelike leiers reeds gedoen het, behoort hulle ook terug te keer na die basiese dinge en die jong heethoofde op goddelike wyse en met verantwoordelikheid tot orde te roep.

Mag u almal geseënd wees in u eie soeke na die waarheid. Dankie dat u ons vriende bly, selfs as u radikaal van ons Bybelverstaan verskil. Soos altyd waardeur ons u insette en bydraes, selfs waar u verskil – te meer as dit gebaseer is op vrae wat u het weens 'n heel verskillende verstaan van die Skrifte. Sulke reaksies in goeie gees het al in die verlede gelei tot verskeie artikels of verbeterings aan artikels.

18 Oktober 2015.

¹ Currier, E. 1841. *The Second Coming Of Christ And The Resurrection*. Skowhegan. Digital version by Google Books.

² Wilson, A.N. 2000. *Christianity: The end is nigh*. *Mail & Guardian*. 1 December 2000.
www.mg.co.za/articledirect.aspx?area=mg_flat&articleid=162801

DIE KRAG VAN TRADISIE



Foto deur Mitchell Hollander op Unsplash

Tradisie: Die oordra van geslag aan geslag, mondelings of in geskrif, van geestelike besittings, kultuurgoedere; ook, wat so oorgedra is; oorlewering.¹

Toe ek en Martie in 1996 die Nederduits-Gereformeerde Kerk verlaat het op soek na die waarheid (na sowat 44 jaar sedert ons kinderjare), wass die reis deur die Pinkster- en later Charismatiese wêreld ‘n opwindende ervaring. Ons studies in Bybelse berading het ons ervarings verder uitgebrei. Mettertyd het ons egter besef ons kon ons nie langer blind hou vir die vele oordadighede en Skriftuurlike vergrype wat ons gesien het nie. Pogings om met sommige leiers (gelukkig nie almal nie) daaroor

te praat, het onmiddellik gelei tot 'n brandmerk as rebelle wat weier het om ons aan gesag te onderwerp. “Moenie die Here se gesalfde aanraak nie” was 'n bekende stelling deur ooglopend onsekere leiers en leiers wat aan misbruik van hul posisies skuldig was. Dupont het 'n soortgelyke stelling in sy boek *Toxic Churches* gemaak.ⁱⁱ

Een seminaar wat ons in die laat negentigs bygewoon het staan vir ons vandag uit weens die amusanheidsfaktor. Die aanbieder het elke dag se aktiwiteite met gebed geopen, waartydens hy allerlei soorte demoniese geeste aangespreek het met vermelding van wat hulle moes en nie moes doen nie. In die proses het hy dan ook gesag geneem en die gereformeerde tradisiegees 'gebind.' Ja, en ons het gretig saam met hom 'geamen' in die proses. Vandag glimlag ons maar net ewe verleë oor hierdie opregte amens van ons daardie tyd. Ons oë het sedertdien oopgegaan vir die feit dat elke denominasie of groep maar hul eie tradisies het wat dikteer wat die Bybel en hul doktrines “regtig” sê.

Sedertdien het ons al hoe meer besef hoe sterk kerktradisies is en hoe dit Christene in verkeerde doktrines gevange kan hou. Selfs opregte gelowiges wie se lewens getuig van 'n liefde vir Christus sukkel om die kettings van hul tradisies af te skud. Navorsing wat ek in 2005 met 'n vraelys onder lede van verskeie denominasies onderneem het, het bevind dat slegs 'n klein minderheid kerklidmate in die beginsels van Bybelstudie onderrig is. Natuurlik is selfs dit nie 'n waarborg van akkuraatheid in Skrifontleding en –verstaan nie.

Soos wat ek en Martie die Bybel opnuut bestudeer, asof dit die eerste keer is en sonder om die boeke van groot name te gebruik om ons vooraf te vertel wat die Bybel sê, deel ons ons verstaan daarvan met familie, vriende en kennisse. Ons het die afgelope paar jaar 'n webtuiste waarop ons ons artikels en ander materiaal plaas, maar voorheen het ons maar epos gebruik om dit met 'n klein groepie mense te deel. Die reaksie het oorwegend 'n voorspelbare patroon gevolg: Die meerderheid (seker 90% of meer) het bloot met stilte gereageer. Van enkeles

af is opbouende terugvoering ontvang, of hulle nou met ons saamgestem het of nie. In sulke gevalle kon ons dit opvolg en verantwoordelike bespreking geniet. Die meeste wat gereageer het, se reaksie het daaruit bestaan om vir ons die een of ander welbekende persoon se materiaal oor die onderwerp te stuur, sonder om enige eie insigte, bekommernisse of verskille in te sluit.

Daar was ook 'n klompie minder vriendelike reaksies en ek is bly om te kan sê dit was maar min. Wat wel rede to kommer was, was die reaksie van enkele pastore. In sy antwoord op 'n nuusbrieff waarin daar van ons sienings oor 'n paar kernbegrippe van eindtydlerings verduidelik is, het een bv. verklaar dat die Bybel meer as 300 verwysings na die eindtyd bevat het. Voorts sou elke hoofstroom Christengroep (behalwe die Jehovagetuies) glo dat daar 'n wegraping gaan wees. Behalwe dat sy stelling oor Christengroepe wat glo daar kom 'n wegraping feitelik verkeerd is, was dit duidelik dat hy nie 'n deeglike studie van die 300 sogenaamde eindtydverwysings gemaak het nie. Die tradisies wat deur sy leermeesters aangegee is, was skynbaar genoeg. 'n Ander vriend se antwoord dat hy dringend nodig het dat Jesus terugkeer (en 'n mens kan sekerlik met sy sentiment simpatiseer). Dit is egter onwaarskynlik dat hy ons Bybelverstaan in hierdie verband sorgvuldig gelees het.

Ek skryf nie hier in 'n neerhalende gees nie, want ek was ook daar – waar ek eindtyddoktrines van my leraars en ander soos daardie dinamiese, charismatiese televisie-evangeliste gepreek en vir ander geleer het. Alles het so goed en, ja, Bybels geklink – totdat ons die boeke van populêre outeurs eenkant toe geskuif en die Bybel begin bestudeer het met die Bereaanse gesindheid wat in Handeling 17:11 beskryf word.

In sy bespreking van Mattheus 24 het Ovid Need Jr. die volgende ondervinding beskryf: *“Several years ago, I raised a question regarding a favorite ‘end time’ passage to a very close pastor friend. I asked him what he was going to do with the clear teaching of the passage. I was surprised when he said, ‘This is the way I was taught by men I respect. This is the way I*

*have taught it, and I am not going to change now.’ He admitted that the passage did not say what he had been taught, yet he was willing to reject the clear teaching of the passage in favor of what he was taught by men he respected”.*ⁱⁱⁱ Daar was ’n tyd toe ek netsowel hierdie pastoor-vriend van hom kon gewees het.

As ’n mens daaraan dink dat daar volgens bronne meer as 40 000 ‘Christen’ denominasies in die wêreld is, en dat almal die Bybel as hul fondasie gebruik, maar elk met hul eie mate van sonderlinge tradisies, kan ek die wêreld se groeiende ongemak met die Christendom verstaan. Laat ons dit maar erken: as die terugkeer na doktrines wat Bybels korrek is nie by die kerkleiers en –leraars begin nie, het ons ’n wonderwerk van God nodig om hierdie tradisieskip om te draai. Dit lyk of tradisies in beton gegiet is en oor die vermoë beskik om die woord van God toe te sluit ten gunste van godsdiens in plaas daarvan om die Koninkrykswaarhede te openbaar.

Die beginsel wat Yeshua MiNatzaret uitgespreek het staan vandag nog vas:

“So het julle dan die gebod van God kragteloos gemaak terwille van julle oorlewering.”^{iv}

“Thus by your tradition you make null and void the word of God!”^v

“...and you annulled the command of God on account of tradition your”.^{vi}

“In this way, you have revoked God’s word because of your tradition”.^{vii}

“You have nullified the word of God on account of your tradition”.^{viii}

Is it any mystery why the modern church has become so powerless in the world? I conclude with the following observations of A.W. Tozer: *“It would be impossible to overemphasize the importance of sound doctrine in the life of a Christian. Right thinking about all spiritual matters is imperative if we would have right living. As men do not gather*

grapes of thorns nor figs of thistles, sound character does not grow out of unsound teaching...All a man, a church or a denomination needs to guarantee deterioration of doctrine is to take everything for granted and do nothing. The unattended garden will soon be overrun with weeds; the heart that fails to cultivate truth and root out error will shortly be a theological wilderness".^{ix}

ⁱ Odendal, F.F. (Hoofredakteur). 1979. 2de uitgawe. *HAT: Verklarende Handwoordeboek Van Die Afrikaanse Taal*. Doornfontein, Johannesburg: Perskor-Uitgewery.

ⁱⁱ Dupont, M.A. 2004. *Toxic Churches: Restoration From Spiritual Abuse*. Kent: Sovereign World.

ⁱⁱⁱ Need, O. 2000. *Matthew 24, Facts And Fiction*. http://www.preteristarchive.com/Books/2000_need_matthew-24_facts-fiction.html

^{iv} *Die Bybel*. 1937. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

^v Stern, D.H. 1998. *The Complete Jewish Bible*. Clarksville, Maryland: Jewish New Testament Publications, Inc.

^{vi} Green, J.P., Sr. 2nd ed. 1986. *The Interlinear Bible: Hebrew, Greek, English*. Hendrickson Publishers.

^{vii} *Holman Christian Standard Bible*. 2003. Nashville, Tennessee: Holman Bible Publishers.

^{viii} *NET Bible*. 2006. www.bible.org.

^{ix} Tozer, A.W. Chapter 37. The Importance of Sound Doctrine. *Man – The Dwelling Place of God*. www.worldinvisible.com/library/tozer/5j00.0010/5joo.0010.37.htm.

MOET VROUE STILBLY IN DIE BYEENKOMS?



**(PAULUS SE SOGENAAMDE ‘SWYGGEBOD’, 1 KORINTIËRS
14:34-35 EN 1 TIMOTEUS 2:11-12)**

Julle vroue moet in die gemeentes swyg; want dit is hulle nie toegelaat om te spreek nie, maar om onderdanig te wees, soos die wet ook sê. Maar as hulle iets wil leer, laat hulle tuis hul eie mans vra, want dit is lelik vir vroue om in die gemeente te spreek (1 Kor. 14:34-35).



Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle onderdanigheid. Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou (1 Tim. 2:11-12).

INLEIDING

Die kerkwêreld het die afgelope paar dekades intensief gefokus op bepaalde vraagstukke. Hierdie vraagstukke het nie soseer voortgespruit uit primêre Bybelstudie en hernude besinning oor die oorspronklike betekenis van Skrifgedeeltes as gevolg daarvan nie. Nee, dit was eerder die resultaat van neo-liberale samelewingsse afkomstig van klein minderheids-groepe wat voorheen as onaanvaarbaar beskou was en gedryf deur sogenaamde postmoderne denkers binne die kerk.

Een van hierdie vraagstukke was die plek van vroue in die bediening.

Die Afrikaanse Gereformeerde kerkomgewing het nie daaraan ontkom nie en sinode op sinode het daarmee geworstel. Dit gaan in sommige gevalle steeds so voort. Terwyl van hierdie denominasies mettertyd daartoe oorgegaan het om eers vroue as ouderlinge te aanvaar en later selfs vrouepredikante te legitimeer, het 'n ander telkens vasgeskop met Paulus se sogenaamde swyggebod, soos hierbo uit 1 Korintiërs 14 en 1 Timoteus 2 as belangrike motivering.

Die postmoderne denkers beskou die Skrif se gesag nie as gevestig en bindend nie. Omdat die Nederduits-Gereformeerde Kerk van SA byvoorbeeld reeds daar verbybeweeg en vrouepredikante gelegitimeer het, verklaar die postmoderne groepering dat die denominasie die swyggebod dus inderdaad in beginsel herroep het. Hulle gebruik dié gebeurtenis dan om byvoorbeeld daarop aan te dring dat die anti-homoseksuele tekste in die Bybel eweneens ongeldig verklaar kan word in die

lig van samelewingsrealiteite van vandag – in die proses word ook op die toepassing van sogenaamde wetenskaplike verklarings aangedring (2016; Janse van Rensburg¹).

In hul verslag aan die NG Kerk se Algemene Sinode van 2015 dring die Algemene Taakspan Leer en Aktuele Sake (ATLAS) daarop aan dat ruimte gelaat moet word ten opsigte van 'n verskeidenheid van perspektiewe binne die NG Kerk.² Hoewel die Taakspan aandui dat die Skrif getuienis is aangaande God onder leiding van die Gees van God, verwater hulle dit in die daaropvolgende sin wat die Bybel beskryf as 'n **afgeleide en sekondêre gesag** in verhouding tot die enigste ware en finale gesag, naamlik van die Lewende Drie-enige God self.³ In isolasie beskou klink so 'n redenasie natuurlik goed, maar dit ontbreek ongelukkig aan enige geloofwaardige getuienis van hoe so 'n finale gesag van God af ontvang word (des te meer gegewe die voortdurende aandring op hul sogenaamde 'wetenskaplikheid').

Bespreking en beredenering van die swyggebod wentel dikwels rondom die situasie dat mans en vroue in die Joodse sinagoges in afsonderlike areas gesit het, met vroue soms selfs op 'n galery. Met dié gebod sou dan voorkom wil word dat daar oor en weer geskreeu word. Paulus se direk voorafgaande sin (1 Kor. 14:33) verklaar immers dat God nie 'n God van wanorde is nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges. Ander argumenteer weer op grond van kulturele omstandighede van daardie tyd en die ondergeskikte plek van vroue teenoor mans. In die proses (albei benaderings) word inhoud en betekenis in die Skrif ingelees wat die spesifieke standpunt of verwagting ondersteun. Daar is selfs diegene wat argumenteer dat Paulus nie hierdie twee verse geskryf het nie

Myns insiens is daar net een benadering wat die waarheid in hierdie geval kan uitlig en dit is om ter aanvang 'n akkurate bepaling te maak van wat Paulus in die betrokke Skrifgedeelte neergepen het. In die proses is 'n paar eenvoudige en basiese beginsels van belang, te wete die volledige inhoudkonteks van Paulus se brief, asook woordbetekenisse binne daardie

tydkonteks. Die leser mag reeds op hierdie punt voel dat 'n wye reeks Bybelvertalings almal bevestig dat Paulus verklaar vroue moet in die byeenkomste stilbly en dat hulle nie mans mag leer nie. My vraag daarop is: Is dit werklik so? Kom ons kyk.

DIE GROTER GEHEELKONTEKS WAARBINNE 1 KORINTHIËRS 14:34-35 STAAN

As vertrekpunt is dit nodig om te besef dat hierdie Skrifgedeelte deel vorm van 'n groter gedeelte in Paulus se brief wat spesifiek handel oor die gawes van die Heilige Gees. Die brief is uit Efese geskryf in antwoord op 'n brief wat deur 'n groep in Korinte opgestel is en oënskynlik deur Stéfanas, Fortunátus en Archáikus na hom toe gebring is (16:17).

- Die eerste ses hoofstukke bevat Paulus se reaksie op inligting wat die huisgenote van Chloë aan hom gelewer en wat onder meer gegaan het oor misverstande wat uit 'n vorige brief van Paulus (5:9) gespruit het.
- Daarna volg die gedeeltes wat ons ken as hoofstukke 7-16 in antwoord op vrae wat die gemeente dan self gerig het.⁴ Hiervan is die fokus in hoofstukke 12-14 spesifiek gerig op die kwessie van geestelike gawes.

'n Mens moet altyd voor oë hou dat die Bybelse geskrifte nie in die vorm van hoofstukke en verse geskryf was nie. Dit is onderskeidelik eers in die dertiende en sestiende eeue bygevoeg. Moenie dat hierdie kunsmatige byvoegings u mislei nie. Paulus se briewe moet elkeen, soos al die boeke van die Bybel as 'n geheeldokument bestudeer word. In ons boekie, *Sny Die Woord Reguit*, het ek en my vrou, Martie, verduidelik dat leemtes in Bybelvertalings soms verwarrend en misleidend kan wees en die onderwerp wat ek in hierdie artikel aanspreek is 'n goeie voorbeeld daarvan, soos u aanstons sal sien. (U kan die boekie gratis van ons webwerf aflaai: www.hoseaconnection.org).

Die oorspronklike geskrifte van die Bybel is nie in hoofstukke en met versnommers geskryf nie.

AFSONDERLIKE AREAS VIR MANS EN VROUE?

Wat hierdie aspek aanbetref, hoef ons maar net die algemene stand van byeenkomste in daardie tyd te beskou. Ons lees oral in die Nuwe Testamentiese geskrifte dat die gelowiges primêr in woonhuise byeengekom het. Volgens die kerkgeskiedenis het die gebruik van spesifiek daargestelde geboue vir dié doel eers sowat twee of drie eeue later begin plaasvind.⁵ Daar was in die woonhuise duidelik nie afsonderlike areas vir mans en vroue ingerig soos dié wat in sinagoges aangetref is nie.

Nêrens in die Nuwe Testament is daar enige aanduiding dat Jesus of Sy dissipels mans en vroue van mekaar geskei het in samekomste nie. Intendeel, in Handeling 1:14 word byvoorbeeld verklaar dat *“Hulle almal het eendragtig volhard in gebed en smeking, saam met ’n aantal vroue en Maria, die moeder van Jesus, en met sy broers.”* Dit het in die bo-vertrek plaasgevind waar Jesus se oorblywende elf dissipels byeengekom het nadat Hy in hul teenwoordigheid in die hemel opgeneem is (Hand. 1:6-11).

Dit is duidelik dat afsonderlike areas vir mans en vroue nie ’n geloofwaardige argument is nie.

WOU PAULUS DAT VROUE STILBLY?

Uit 1 Korintiërs 14:26 as een voorbeeld sien ’n mens dat die byeenkomste persoonlik en informeel was. Dit wys ook duidelik dat die byeenkomste op algemene deelname geskoei was:

Hoe staan die saak dan, broeders? Wanneer julle saamkom, dan het elkeen van julle 'n psalm of 'n lering of 'n taal of 'n openbaring of 'n uitlegging—laat alles tot stigting geskied.

Maar dui die woord 'broeders' hier en elders in die brief dan nie juis net mans aan nie? My eerste reaksie was dat die hele samestelling daarmee die opstellers en ondertekenaars van die brief aan Paulus aandui. Die brief is egter gerig “aan die gemeente van God wat in Korinte is, aan die geheiligdes in Christus Jesus, die geroepe heiliges, saam met almal wat die Naam van onse Here Jesus Christus in elke plek aanroep (...)” (1 Kor. 1:2). Dieper woordstudie het aan die lig gebring dat die betrokke woord, *adelphós*, ook in verskeie betekenisvorme gebruik is, waaronder 'n spesiale liefdesgemeenskapgedagte. Daar is ook op dié wyse na die lede van 'n Christengemeenskap as 'broeders' verwys.⁶ Hier sien ons weer hoe arm ons moderne vertalings dikwels is om die ware betekenis van woorde, stellings en standpunte in die Bybel aan ons oor te dra. Paulus se gebruik van die woord *adelphós* wat as 'broeders' vertaal is was inderdaad 'n aanspreek van die hele gemeenskap van gelowiges in Korinte.

Met die woord *adelphós*, vertaal as 'broeders,' is na die hele Christengemeenskap (of dan gemeente) in Korinte verwys.

In hoofstuk 11:5 verwys Paulus spesifiek na vroue wat bid of profeteer – en dus aktief betrokke is in die byeenkomste. Sy beredenering deur hoofstukke 11-14 weerspieël deurentyd 'n gees van inklusiwiteit in beoefening van die geestelike gawes en eenheid onder mekaar. Lees dit gerus sorgvuldig en let veral op sy herhaalde aanwending van die gedagte van 'almal' in 12:29-30. Nadat hy dan die beroep op hulle doen om hulle vir die beste gawes te beywer, gaan hy daartoe oor om nog 'n uitnemender

weg (of dan gawe) aan hulle te beskryf, die weg van die liefde. Hierdie beskrywing ken ons as hoofstuk 13.

Met hoofstuk 14 vind ons Paulus in beredenering van die uitnemendheid van die gawe van profesie bo dié van die tale, maar hy doen deurentyd 'n beroep dat hulle moet probeer uitmunt tot stigting van die gemeente. In 14:26 dui hy dan aan dat **elkeen** 'n bydrae het wanneer die gemeente bymekaar kom. Ook hierin vra hy dat alles tot stigting geskied. Daar is geen aanduiding van 'n beginsel vir vroue om te moet swyg nie.

WEERSPREEK 14:34-35 DAN NIE DIE RES NIE?

Hou nogmaals voor oë dat Paulus besig is om te reageer op die inhoud van die gemeente se brief aan hom. Die oomblik dat mens dit buite rekening laat, maak jy jou oop vir wanvoorstellings. Vir die sleutel tot die verstaan van hierdie gedeelte moet ons ook vers 36 bybring. Ter wille van die eenheidsbegrip gee ek al drie saam:

1 Kor. 14:34 Julle vroue moet in die gemeentes swyg; want dit is hulle nie toegelaat om te spreek nie, maar om onderdanig te wees, soos die wet ook sê.

1 Kor. 14:35 Maar as hulle iets wil leer, laat hulle tuis hul eie mans vra, want dit is lelik vir vroue om in die gemeente te spreek.

1 Kor. 14:36 Of het die woord van God van julle uitgegaan, of het dit tot julle alleen gekom?

So beskou (en u kan maar nog verse bylees) glo ek elkeen sal moet erken iets maak nie sin nie.

- Daar is geen aansluiting of oorgang tussen verse 35 en 36 nie.
- Kyk gerus, 'n mens kan dieselfde van 36 en 37 sê.
- Dit kom dus op die oog af voor of verse 34, 35 en selfs 36 irrelevant is by die saak en dat vers 37 direk

aansluiting vind by vers 33.

Sommige teoloë soos Gordon Fee het op grond van hierdie oënskynlike onduidelikheid die gevolgtrekking gemaak dat Paulus nie verse 34 en 35 geskryf het nie, maar dat dit bygevoeg is deur iemand wat die brief gekopieer het.⁷ Hierdie argument maak egter ook geen sin nie, omdat dit nie tot opheldering bydra nie. Selfs die weglating daarvan sal nie opheldering bring nie, want vers 36 sal dan steeds soos 'n laslappie daar pryk. Die meeste hedendaagse vertalings verdiep die leemte eerder as om die korrekte betekenis na vore te bring. Ek sal aanstons meer daaroor sê.

Die klein, eerste woordjie van vers 36 is 'n belangrike sleutel vir korrekte uitleg – dit word in talle vertalings bloot weggelaat.

Paulus begin sy sin (vers 36) met die woordjie ἦ. Soos talle Griekse woorde het hierdie woordjie ook veelvuldige betekenisse wat vereis dat daar baie noukeurig op die spesifieke konteks waarin dit voorkom gelet moet word. Boonop impliseer verskillende aksenttekens daarop ook verskillende betekenisse. Een van die verklarings wat die omvangryke Liddell-Scott-Jones se Grieks-Engelse leksikon van 1843 daarvoor gee, is dié van 'n **uitroep wat afkeer uitspreek**.⁸ Nordgren verwys ook na laasgenoemde bron, maar vul dit aan deur beskrywing as 'n **uitroep van verbasing**, asook 'n **onderdrukte uitroep**, op grond van dié gebruike daarvan in werke van Euripides en Aristophanes.⁹ Laasgenoemdes was Griekse dramaturge uit die vyfde eeu van wie aansienlike werke behoue gebly het en waarmee lig op bepaalde woordbetekenisse gewerp word.

Met hierdie verklarings ter hand kon ek weer na die 26 weergawes van die Nuwe Testament op my e-Swordprogram kyk, aangevul met die New Jerusalem Bible en die Nederlandse

vertaling van 1899 uit die boekrak. Dit was interessant om te besef dat die ou King Jamesweergawe (van 1611) 1 Korintiërs 14:36 soos volg aanbied, wat klop met die voorgaande betekenisbeskrywings:

1 Cor 14:36 What? came the word of God out from you? or came it unto you only?

Let op die aanvangsuitroep, ‘What?’ Die vroeëre Geneva Bible (1560) se bewoording bevat nie die uitdrukking “What?” in die teks self nie, maar wel in die omvangryke kantnotas wat teen 1599 voltooi is. Daarin word dit as ’n skerp teregwysing beskryf wat verband hou met die reg om die geestelike gawes te gebruik, sodat die Korintiërs nie hulself as die enigste wyses sou beskou nie.

Verskeie ander weergawes laat die vers eweneens met die woord “What?” begin. Onder hulle is die vertaling van Murdock (1851), die *Revised Version* (laat negentiende eeuse amptelike hersiening van die KJV), en George Lamsa se 1933 vertaling wat gebaseer is op die Siriese Peshitta manuskripte (dus uit ’n Aramese dialek).

Hierdie vertalings bevestig die King Jamesweergawe se teregwysende uitroep. Dit versterk die verstaan dat verse 34-35 inderdaad stellings uit die Korintiërs se brief is en dat Paulus dan sterk afwysend daarop reageer.

Opsommenderwys: Paulus se eerste brief aan die gemeente in Korinte wat in die Nuwe Testament van die Bybel voorkom, was weliswaar nie die eerste brief wat hy aan hulle geskryf het nie. Hierdie brief het in ongeveer 55 n.C. die lig gesien terwyl Paulus in Efese was. Sekere inligting oor misverstande wat voortgespruit het uit ’n vroeëre brief van hom is uit die huis van Chloë aan hom oorgedra. Daarbenewens het ’n groep ’n brief oor bepaalde aangeleenthede soos die vloei in die geestelike gawes aan hom gerig.

Paulus antwoord in hierdie brief op al hierdie kwessies en dit gee die ware konteks daaraan. Sorgvuldige studie toon aan dat hy in twee verse (34 en 35) hul siening oor die onderdanigheid van vroue in die samekomste uit hul brief aanhaal, waarop hy hulle skerp tereg wys as sou hulle nuwe betekenis aan God se woord wou gee. Ongelukkig het baie hedendaagse vertalings hierdie konteks verlore laat gaan deur 'n enkele klein woordjie uit die manuskripte te ignoreer en weg te laat. Stel 'n mens hierdie saak reg, haal dit die bestaande en voortgesette verwarring uit.

Die Korintiërs het dus in hul brief die stelling gemaak (of die aandrag van sommige mense in die gemeente gerapporteer) dat vroue moet stilbly in die samekomste en Paulus wys hulle skerp tereg daarvoor.

DIE KONTEKS VAN 1 TIMOTHEUS 2:11-12

In my bestudering van hierdie onderwerp het ek nogmaals onder die besef gekom hoe belangrik die korrekte en volle konteks van Skrifgedeeltes is om dit reg te verstaan. Onder reg verstaan wil ek ook onderstreep dat dit inherent neerkom op hoe die destydse ontvangers of toehoorders 'n geskrif of mondelinge onderrig sou verstaan het. Dit beteken ook in hedendaagse konteks dat daar gewaak moet word teen die versoeking om in die teks in te lees wat nie bestaan nie ten einde 'n voorafbepaalde resultaat te verkry of bewys.

- In hierdie geval is Paulus se brief gerig aan 'n gevestigde medewerker, Timoteus, wat hy op reis na vrylating uit sy eerste gevangesetting in Rome in Efese agtergelaat het met opdragte om die invloed van valse leraars wat hulle in hierdie gemeente gevestig het, teen te werk (1:4).¹⁰ Hiermee word reeds 'n spesifieke rigtinggewende konteks gevestig.

Die drie pastorale sendbriewe van Paulus aan Timoteus (twee) en Titus is sy laastes. Hulle is ongeveer 63 en 64 n.C. (sowat 15 jaar na sy eerste brief, dié aan die Galasiërs) en onder spesifieke omstandighede en met spesifieke oogmerke geskryf.

Sy benadering en inhoud verskil sodanig van sy ander briewe dat dit voorkom of hy in hierdie gevalle onderwerpe en omstandighede van leidinggewing aan sy twee medewerkers oor sake rakende die gemeentes waar hulle betrokke was aanspreek wat hy normaalweg persoonlik met hulle sou hanteer het. Omstandighede noop hom egter om dit hier per brief te doen aangesien hy hulle in Efese en Kreta agtergelaat het. (Sy tweede brief aan Timoteus is geskryf tydens sy laaste gevangenskap in Rome). **Dit is belangrik om te beklemtoon dat hierdie drie briewe nié aan die gemeentes gerig is nie.**

Paulus se pastorale briewe aan Timoteus (2) en Titus was sy laaste drie briewe.

Voordat ek verder op die konteks van hierdie Skrifgedeelte ingaan, is dit belangrik om te kyk na Paulus se algemene benadering as dit by die plek van vroue in die verkondiging van die Evangelie gekom het.

VROUE AS PAULUS SE MEDEWERKERS

Die geskiedenis van Paulus as verkondiger van die Evangelie deur die Romeinse Ryk heen bewys eerder dat verskeie vroue prominente leierskapsrolle gehad as dat hy sou verkondig het vroue kon nie in die gemeente onderrig gee nie.

- Priscilla (saam met haar man Akwila) word in verskeie Skrifgedeeltes genoem. In Handeling 18:24-26 sien ons dat hulle die Alexandriese Jood en prominente bedienaar van die Evangelie daarna, Apollos, in Efese aan huis geneem en vir hom die leer van God nog duideliker gemaak het.
- Lukas skryf in die Handeling 21:8-9 dat Paulus se groep waarvan hy deel was, op pad na Jerusalem in Cesaréa by Filippus die evangelis oorgebly het. Dan noem hy dat Filippus se vier ongetroude dogters die profetiese gawe besit het.

- Fébé word 'n dienaar van die gemeente in Kenchrée genoem en woordverklarings soos dié van Vincent (e-Sword) dui aan dat dit algemeen as diaken verstaan word (Rom. 16:1). Paulus vra dat hulle haar ontvang in die Here soos dit die heiliges betaam en dat hulle haar sal bystaan in elke saak waarin sy hulle nodig mag hê.
- Maria, Trifena en Trifosa word ook as werkers vir die Here uitgesonder in Romeine 16:6 & 12.
- Euodia en Sintige was waarskynlik ook diakens (Fil. 4:2).

Om hierdie gedeelte af te rond is dit goed om die volgende uit Paulus se brief aan die Galasiërs, wat oënskynlik sy heel eerste brief was, in ag te neem:

Gal. 3:28 Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus.

DIE GEMEENTE IN EFESE

Efese in die Bybelse tyd was 'n prominente hawestad en een van die groter stede in die Romeinse Ryk. Dit was 'n vooruitstrewende handelstad, asook politieke sentrum. Die stad het verskeie monumente, teaters en tempels gehuisves, waaronder die tempel van Diana (ook Artemis genoem). Dit was bekend vir godsdienstige veelvoudigheid, mistieke kultusse en okkultpraktyke, Gehelleniseerde Judaïsme, asook die vroeë Christendom.¹¹ In hierdie Christenomgewing het ook 'n dwaalgroep ontstaan wat skynbaar deur die diaken, Nikolas, gestig is en wat as die Nikolaiëte bekendgestaan het.¹² In die Openbaringsbrief aan die gemeente in Efese (Op. 2:6) word juis met afkeur na hulle werke verwys.

Die gemeente in Efese het 'n prominente rol in Paulus se reise en bediening gehad. Uit die rekord in Handeling en Paulus se briewe leer ons dat hy verskeie kere daar aangedoen het – by

geleentheid selfs vir 'n verblyf van bykans drie jaar (Hand. 19). Hierdie lang verblyf van hom is boonop na 'n oproer deur lede van die Dianakultus beëindig.

PAULUS SE UITSPRAAK IN 1 TIMOTEUS 2:11-12

My aansienlike leeswerk oor hierdie saak het gewys dat daar veral twee populêre verduidelikings is vir Paulus se verklaring aan Timoteus dat die vrou haar in stilte en alle onderdanigheid moes laat leer en dat hy nie die vrou toegelaat het om onderrig te gee of oor die man gesag te voer nie. Die eerste neem die kulturomstandighede van die tyd as basis en verduidelik dan dat die vrou 'n mindere plek ingeneem het, wat Timoteus die gemeente moes leer om te respekteer. 'n Ander verduideliking gebruik weer leringe in die Dianakultus (of Artemiskultus) oor die vrou wat die man se meerdere was, dat Eva eerste geskape is en dat mans aan die vrou onderwerp moes word. Daar sou dus vroue wees, of 'n enkele vrou, wat besig was om sodanige leringe te verkondig. Albei hierdie verklarings berus ooglopend op blote bespiegeling.

Behalwe hierdie twee is daar ook beweerde vertaaldwaling. Die Australiese kundige in klassieke Grieks, Dr. Ann Nyland, se vertaling lui weer dat 'n vrou moes leer sonder om 'n bohaai te maak en in alles ondersteunend moes wees. Paulus verleen beslis nie gesag aan 'n vrou om mense te onderrig dat sy die oorsprong van 'n man is nie. Daar is egter aansienlike kritiek op Nyland se vertaling weens die Gnostiese bronne wat sy as ondersteuning vir woordbetekenisbepalings gebruik het, asook dat haar vertaling van aangeleenthede in die Bybel wat vroue raak deur 'n feministiese agenda gedryf word. Ek noem hierdie vertaling volledigheidshalwe, maar verkies om my nie daarop te verlaat nie. Soos ek nou sal uitwys, maak dit ook geen kritieke verskil aan hoe ek die betrokke Skrifgedeelte verstaan nie.

Oppervlakkig beskou kom dit wel voor dat hierdie gedeelte uit Paulus se brief aan Timoteus problematies is, veral in die lig van vandag se samelewingsnorme en -gebruike. Dus het ek begrip

vir die verskillende pogings om die posisie te besweer. Myns insiens is die bohaai egter heel onnodig en ek sluit aan by Dr. David Thompson se vraag: **Lees ons dan nou die hele Bybel in die lig van hierdie twee problematiese verse, of lees ons hierdie verse in die lig van die hele Bybel?**¹³ Om die eerste alternatief te volg is om ons oop te maak vir dwaallering en dit is ongelukkig presies wat in die kerkpraktyk gebeur het.

Die rekord van Paulus se verkondiging van die Evangelie (sy briewe en Lukas se Handeling van die Apostels) toon op verskeie plekke en wyses dat Paulus vroue inderdaad as gewaardeerde medewerkers beskou het. Maar is ek dan nie nou besig om 'n probleemvers bloot te probeer verdoesel nie? Die antwoord is 'n eenvoudige Nee!

In die inleiding van sy brief aan Timoteus verwys Paulus ondubbelsinnig na sy versoek dat Timoteus in Efese sou agterbly om sekere persone te beveel **om hul dwaalleringe te staak**. Hy noem diegene mense wat leraars wou wees terwyl hulle weinig begrip gehad het van die saak waarin hulle ander wou onderrig. Timoteus moes die goeie stryd stry en aan die geloof en 'n goeie gewete vashou. Sommiges het dit van hulle af weggestoot en aan die geloof skipbreuk gely. Himenéüs en Alexander word in dié opsig by die naam genoem. Die hele brief gaan oor die betroubare woord en goeie orde in die gemeenskap. Paulus sluit ook sy brief af met 'n verwysing na sommige wat belydenis van geloof gedoen het, maar op 'n dwaalweg weggeraak het.

Opsommenderwys: Ons het hier te doen met 'n opdraggewende brief van Paulus aan 'n individu, sy medewerker Timoteus. Dit is geskryf in die konteks van die verkondiging van dwaalleringe deur afwykendes in die Christengemeenskap in Efese wat Timoteus moes regstel. Dit is belangrik om daarop te let dat Paulus se brief aan Titus, wat hy op dieselfde reis op die eiland Kreta agtergelaat het, ook fokus op die bekamping van dwaalleringe en vestiging van gesonde orde in die gemeente. Daar kom egter nie 'n soortgelyke “swyggebod” vir vroue in

hierdie brief voor nie en dit bevestig my siening dat die betrokke gedeelte in Paulus se brief aan Timoteus daarin was weens spesifieke probleme in die verband in Efese waarby 'n vrou of vroue betrokke was.

SLOTBESKOUING

My studie van hierdie onderwerp het my kopskuddend laat besef hoe sterk die krag van die tradisiegees in die kerkomgewing was en steeds is. Dit is wel waar dat my geslag in Suid-Afrika sonder die televisie en die rekenaartegnologie grootgeword het. As dit nie was dat ons, anders as ons ouers en grootouers, die laaste gedeelte van ons lewens daaraan blootgestel is nie, sou ons waarskynlik vandag nog onbewus gewees het van soveel dwaalleringe wat uit al die tradisies voortgekom het. Ek is dankbaar vir die omvangryke biblioteek wat oor soveel eeue strek en wat die elektroniese inligtingstechnologie vir my oopgemaak het.

Die Gereformeerde predikante van ons grootwordtyd was egter almal blootgestel aan goed toegeruste biblioteke by hul universiteite se kweekskole en jare se voltydse studie van die Bybelse tale en kultuur. Dit maak die worstelinge en debatte van soveel sinodes veral die afgelope dekade of twee oor sake soos die leierskapsrol van die vrou in die Christenomgewing des te meer onbegryplik.

Daar is waarskynlik net een antwoord vir hierdie toedrag van sake: deur die mens se tradisies en oorlewerings is die woord van God van sy krag ontnem (Mat. 15:1-14) en sodoende is die gemeenskap van gelowiges ontnem van die bydraes van begaafde en Godgeseënde vroue. Hulle is te lank tot sekondêre rolle beperk. Sommige van die Gereformeerde denominasies het reeds verbybeweeg, maar hul verduidelikings en voortgaande debattering berus nie op die Skrifwaarheid nie. Dit kom aldus bepaalde verduidelikings eerder neer op die herroeping van lank geldende voorskrifte in die lig van postmoderne samelewingsrealiteite in plaas daarvan om dit op die

Skrifwaarheid te baseer.¹⁴ Daar is 'n duidelike verskil!

Ek het ook opnuut besef hoe belangrik dit is om Skrifgedeeltes in hul volle konteks te bestudeer – met inbegrip van die kulturele, geskiedkundige, geografiese, literêre en teologiese konteks. Dit bly ook belangrik om Paulus se briewe in hul skryfvolgorde te bestudeer en nie die volgorde waarin hulle in ons Bybels opgeneem is nie. Met verwysing na die posisie van vroue in die byeenkomste is dit dan opvallend dat 'n sogenaamde swyggebod byvoorbeeld nie in sy omvattendste werk, die brief aan die Romeine, vervat is nie. **Daarbenewens het ons inderdaad gesien hoe Paulus aan die Korintiërs die profetiese gawe aktief voorhou en aanmoedig, ook onder die vroue. Sy erkenning van Priscilla en ander vroue in sy briewe is ook veelseggend.**

Deur ons lees van die onderhawige Skrifgedeeltes in 1 Korintiërs en 1 Timoteus te stroop van al die filosoferingstegnieke en van inhoudaannames bo dit wat geskrywe staan, is Paulus se fokus duidelik op wanvoorstellings, mensgemaakte oorlewerings en dus teen valse lering gerig. Die teregwysing van hierdie valse leringe in die twee gemeentes wat ter sprake was, het niks te doen met 'n algemene beginsel dat vroue verbied word om ten volle aan die byeenkomste deel te neem nie. Die uitsluitlike vereiste was dat die aktiwiteite gerig sou word deur die woord van die waarheid. Paulus se ander elf briewe ondersteun glad nie 'n leerstelling van vroue wat in die byeenkomste moet swyg nie. Die rekord van sy geskiedenis wat Lukas in die Handeling van die Apostels opgeteken het, weerspieël net mooi die teendeel.

In sy tweede brief aan Timoteus vat Paulus dit mooi saam (3:16-17):

Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot wederlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat elke mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

Elke mens (nie man) van God! Vir elke goeie werk toegerus!

LAASTE GEDAGTES:

- In Lukas 2:36-38 tref ons die profetes Anna by die tempel aan waar sy God dag en nag gedien het. Sy was teenwoordig toe Josef en Maria die kindjie Jesus in die tempel gebring het om met Hom te doen volgens die gebruik van die wet. Anna het daar “(...) *die Here geprys en van Hom gespreek met almal in Jerusalem wat die verlossing verwag het.*” (My beklemtoning).
- Die ander Apostels gee nie in hul briewe opdragte dat vroue in die samekomste moet swyg nie.
- So ’n opdrag kom ook nie in die brief aan die Hebreërs of in die boek van Handelingte voor nie.

Amen!

¹ J. Janse van Rensburg. 2016. *Hermeneutiese Beginsels Vir Skrifverstaan*. Ongepubliseerde studiestuk verskaf aan ’n Kaapse Gereformeerde studiegroep.

² ATLAS verslag. 2015. *Agenda*. Voorgelê aan die Algemene Sinode 2015, p253. Aangehaal in *ibid*.

³ *Ibid*. p263.

⁴ Wallace, D.B. 1998. *1 Corinthians: Introduction, Argument, and Outline*. Bible Studies Press. www.bible.org

⁵ Curtis, K. *A Look At The Early Church*. <http://www.christianity.com/print/11629559/>. Agelaai op 12 September 2016.

⁶ Zodhiates, S. *The Complete WordStudy Dictionary*. Add-on to e-Sword. www.e-sword.net/support.html.

⁷ Fee, G. *The First Epistle To The Corinthians*. P699-708. Verwysing gebruik deur Hyatt, E.L. *One Little Word Dispels The Notion That Paul Silenced Women*. http://www.eddiehyatt.com/women_silent.html

⁸ Liddell-Scott-Jones. 1843. *Greek-English Lexicon*. Oxford Clarendon Press.

⁹ Nordgren, L. 2015. *Greek Interjections*. P166-167. Boek op www.google.co.za.

¹⁰ Wallace, D.B. 2000. *1 Timothy: Introduction, Argument, Outline*. Biblical Studies Press. www.bible.org. p4.

¹¹ *The Word In Life Study Bible (NKJV)*. 1996. Nashville: Thomas Nelson Publishers. P2124.

¹² Wikipedia. 7 August 2016. *Nicolaism*. www.wikipedia.org/wiki/Nicolaism.

¹³ Thompson, D.L. May 1999. *The Biblical Mandate For Women In Ministry*. The Wesleyan Advocate. P22-23. <http://whwomensclergy.org/articles/article5.php>

¹⁴ J. Janse van Rensburg. 2016. *Op. cit.*

Skrifaaanhalings is geneem uit *Die Bybel*. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap. 1937.

Die artikel is op 11 Maart 2017 voltooi en aan die tweede van ons vier kleindogters opgedra:

Opedra aan ons kleindogter, Jo-Mari Malan. Ons gebed is dat jou Godgegewe talente sal blom om elke mens van God wat op jou pad kom te inspireer om hul lewe deur die woord van die waarheid te laat seën, vir elke goeie werk volkome toegerus.

OM SOOS 'N KLEIN KINDJIE TE GLO



Ek het by geleentheid 'n interessante en eenvoudige verduideliking van kinders se uitkyk op die lewe deur 'n Joodse skoolhoof gelees. Hy het geskryf dat kinders geseend is met 'n natuurlike vermoë om in hulself te glo en in die verbeelding groot prestasies vir hul toekoms voor te stel. Hulle het nog nie soveel slegte ervarings gehad dat dit hul geloof in wat hulle in staat is om te bereik, beperk nie. Hul toekoms word nog nie deur hul verlede aan bande gelê nie, maar slegs deur hoe ver hul verbeelding hulle kan neem (Yaakov Lieder).

Toe ek hierdie stukkie lees het my verstand onmiddellik oopgegaan vir die grootheid van een boodskap wat Jesus van Nasaret met die skare gedeel het en ongetwyfeld ook vir die geestelike leiers van sy tyd in Jerusalem.

Toe roep Jesus 'n kindjie na Hom en laat hom tussen hulle in staan en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie! (Mat. 18:2, 3).

Wat was Jesus besig om te sê? Ek twyfel nie daaraan dat Hy besig was om die krag van godsdiens (hul tradisie) onder the Jode aan te spreek nie – iets waarsonder die klein kind nog was! Die Jode was so vasgevang in die Mosaïese Wet en die krag van hul mensgemaakte tradisies, dat hulle nie in staat was om die koninkryk van God in hul midde in aksie te sien nie. En is dit nie dalk waar van vele in die Christenkerk van vandag nie, leiers ingesluit? Hulle is in so 'n slawerny aan denominasie- en ander godsdienstige tradisies vasgevang dat hulle sukkel om die koninkrykswaarheid te verstaan.

Ek is hieraan herinner toe ek koerantberigte lees oor die soveelste debat in die sinode van 'n Suid-Afrikaanse kerk oor die toelating van vroue as ouderlinge of predikante van die kerk. Die sinode het 'op Bybelse gronde' besluit dit kan nie. Maar interessantheidshalwe, is geen aandag gegee aan die feit dat die Nuwe Testament absoluut geen voorbeeld gee van besoldigde, voltydse predikante van die Christenkerk nie – dit was 'n skepping van die Romeinse Keiser Konstantyn. Ek haal nie hierdie aspek op om negatief te reflekteer op enigeen in so 'n posisie of amp nie, maar bloot om die gebrek aan konsekwenheid in hul besprekings uit te wys.


Ag, ek besef dat daar allerlei verduidelikings en verdraaide Skrifuitleg sal wees in antwoord op my stellings. Uiteindelik kom dit bloot neer op die regverdiging van mensgemaakte tradisies. Dalk het die tyd aangebreek vir Christenleiers dwarsdeur die wêreld om weer ag te slaan op die boodskap in Mattheus 18:2-3. Dalk, net dalk, kan die Christengemeenskap

daardeur in staat wees om al die teologiese, filosofiese en tradisionele doktrinebagasie wat so swaar op hulle rus af te skud.

En wie weet, dalk sal die krag van die koninkryk terugkeer na die godsdienksklub of –vereniging wat so 'n groot deel van die institusionele kerk geword het! Dan mag daar miskien weer van die gemeenskap van gelowiges in Christus gesê word dat hulle in guns by die hele volk verkeer (Hand. 2:47). Die wêreld daarbuite huldig vandagveelal net die teenoorgestelde siening. En laat ons maar eerlik wees – dit is nie net hulle skuld nie!

[29 Augustus 2014]

WAAR LAAT DIT ONS AS ALLE BYBELPROFESIE REEDS VERVUL IS?



INLEIDENDE OPMERKINGS

My geslag se mense, gebore in die middel 1940's, wat ons wortels in die Gereformeerde familie gehad het, het nie sonder die Wederkoms van Christusgedagte grootgeword nie. Dit was egter nooit 'n oordonderende predikingsonderwerp nie. Dinge het egter baie verander in die loop van ons kinders se grootwordjare en nog meer intensief in die leeftyd van hul

kinders. Die visuele media het die Wederkoms op allerlei wyses en variasies in ons huise ingedra. Mense wat byvoorbeeld nooit met die konsep van 'n Wegraping kennisgemaak het nie, is skielik in televisieprogramme en met boeke daarmee oorval. Toe ek en Martie in 1996 ons tentpenne in die Gereformeerde omgewing gelig het vir 'n jarelange reis deur die Pinkster- en Charismatiese omgewings op soek na die Bybelse waarhede, is ons self intensief in hierdie leringe opgeslurp.

Stelselmatig het vroeë egter begin ontstaan en veral van 2007 af momentum verkry. Die daaropvolgende jare se intensiewe Bybelstudie het ons met die gevolgtrekking gelaat dat as die Bybel in sy korrekte historiese, kulturele, literêre, geografiese en teologiese konteks bestudeer word, asook beklemtoning van die adres aan wie elke profesie gerig was, dit wys dat elke Bybelse profesie vervul is. Ons verstaan dus dat die Bybel 'n vervulde openbaring van die lewende God en Sy Gesalfde (Christus, Messias) is, maar steeds die lamp vir ons voet en lig vir ons lewenspad bly (Ps. 119:105). Die oomblik dat mens die Bybel uit sy antieke Hebreeuse omgewing verwyder loop jy die gevaar om die ware betekenis van die spesifieke konsepte of gebeure met hedendaagse Westerse begrippe te vervang of besoedel.

Voortspruitend uit die voormelde ontvang ons verstaanbaar dikwels die tipe vroeë wat in die opskrif vervat is. 'n Mens kan 'n dik boek oor die onderhawige onderwerp en selfs subaspekte daarvan skryf, maar dit is nie die doel nie. Daar word slegs kortliks na die hoofmomente gekyk ten einde antwoorde te gee op vroeë wat so in die verbygaan aan mens gestel word. Dit word ook noodsaaklik geag om ons begrip van 'n paar ander tersaaklike konsepte kortliks uiteen te sit ten einde te verseker dat die leser ons ontledingsbasis korrek verstaan.

Soos die gebruik in soveel van ons ander artikels en ons boeke is, wil ek ook hier beklemtoon dat die artikel gegrond is in ons soeke na die waarheid en nie om ons begrip af te dwing nie. Dit gaan om wat is die waarheid en daarmee saam, of die waarheid saakmaak? Dit is elke individu se verantwoordelikheid om hieroor te besluit.

Drie belangrike vrae:

- 1. Wat is waarheid?**
- 2. Maak die waarheid saak?**
- 3. Wat bly vir ons oor om voor te lewe as daar nie 'n wederkoms van Jesus voorlê nie?**

TERSAAKLIKE KONSEPTE

Die Koninkryk van God

Na Sy terugkeer uit die woestyn waar Hy deur die duivel versoek is “(...) *het Jesus begin om te preek en te sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom*” (Mat. 4:17). Later sê Hy vir die Fariseërs, “(...) *as Ek deur die Gees van God die duiwels uitdryf, dan het die koninkryk van God by julle gekom*” (Mat. 12:28). Hier is drie belangrike aspekte om te beklemtoon:

1. Eerstens is die uitdrukkings ‘koninkryk van die hemele’ en ‘koninkryk van God’ dieselfde. Eersgenoemde is algemeen in Hebreeuse omgewings en geskifte gebruik omdat die gebruik van die naam van God oorwegend vermy is. Dit is vandag nog die geval.
2. Tweedens gee die woord ‘naby’ in ons taal die begrip dat dit op pad is, maar nog moet aanland. In die antieke Hebreeuse kultuur het dit egter beteken dat die onderwerp reeds daar by hulle was. Dit het nie nog in die toekoms gelê nie.
3. Derdens, het die begrip van die koninkryk in daardie kultuur nie 'n statiese beeld soos grondgebied of

versameling mense beskryf nie, maar aksie. Dit het verwys na die teenwoordigheid van God wat in mense se lewe heers en die demonstrasie daarvan deur wonderwerke en tekens. Die koninkryk van God was dus oral teenwoordig waar Sy krag deur en in Sy kinders gedemonstreer is.

Samevattend kan ons sê dat die koninkryk van God deur Sy Christus na die mensdom toe gebring en in 'n Nuwe Verbond vervat is. Hierdie koninkryk manifesteer in hulle wat waarlik in Christus glo en in wie se lewe die Vrug van die Heilige Gees (Gal. 5:22) en gawes van die Gees geopenbaar word (1 Kor. 12). Ons kan ook die inhoud van die bergrede in Mattheus 5-7 hierby voeg. Hoe jammer tog dat die realiteit van die gawes van die Heilige Gees óf deur Christengroepe as irrelevant in ons tyd afgemaak, óf deur kunsmatige vertoon en vergrype deur ander bedenklik gemaak word. Mense sê dikwels dat hulle deur die Heilige Gees gelei word, maar verwerp terselfdertyd die realiteit van die Gees se gawes wat ons juis moet bemagtig om mekaar met Sy koninkryksteenwoordigheid te bedien.

Die Koninkryk van God is hier!

Hemel en Aarde

In die populêre eindtydleringe is die konsep van die ou hemel en aarde wat sal vergaan en deur 'n nuwe hemel en aarde vervang word een van die sentrale aspekte. Dit word as werklike fisiese gebeure aangebied en mense maak dan die stelling dat ons nog hier is en die ou hemel en aarde dus nog nie vergaan het nie. Gevolglik het daar nog nie so 'n nuwe (utopiese) hemel en aarde gekom nie.

Ons begripsprobleem is daarin geleë dat die kultuur waarbinne hierdie konsepte ontvang en geskryf was, dit in 'n

geestelike sin verstaan het terwyl ons dit letterlik/fisies wil verstaan. So het God dan in hul begrip met die Mosaïese Verbond by Sinaï die fondasie van die aarde gelê (of gegrond) en die hemel geplant. Hierdie geestelike gebruik van hemel en aarde kom oral in die Skrif voor. Kyk bv. Deuteronomium 32:1, asook Jesaja 1:1-4; 24 (die geheel); en 51:16 (wat 'n spesifieke profesie oor die herstelling en geluk van Israel was).

[U kan meer oor die Nuwe Hemel en Nuwe Aarde in ons webwerfartikel lees waarvan die koppel in ons lys aan die einde gegee word.]

Nuwe Jerusalem

Hier is nogmaals 'n geestelike beeld in die Skrif ter sprake. Die Hebreërsbriefskrywer stel dit dan onomwonde “(...) *julle het nie gekom by 'n tasbare berg nie en 'n brandende vuur en donkerheid en duisternis en storm (...) Maar julle het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem (...)*” (Heb. 12:18, 22).

Met die sondeval is God se heiligdom besoedel. Die Mosaïese Verbond was die heenwyser, die voertuig, na die herstelde heiligdom wat sou kom in Christus se kruisiging, opstanding en oordeel oor fisiese Jerusalem. Nadat hy verduidelik dat die offers van die Ou (Mosaïese) Verbond gedurig herhaal moes word omdat hulle onvolmaak was, skryf die Hebreërsbriefskrywer dan in hoofstuk 9:11-12 die volgende:

Maar Christus wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie, ook nie deur die bloed van bokke en kalwers nie, maar deur sy eie bloed, eenmaal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige versoening teweeg gebring.

Die hele konteks beskryf 'n voltooide realiteit. Jy het deel van die Ou Verbond geword deur geboorte uit 'n huwelik tussen twee Hebreërs. Bepaalde rituele is daaraan gekoppel, waaronder

die besnydenis. Kinders gebore uit 'n huwelik tussen 'n Hebreër en 'n heiden, asook kinders gebore uit owerspel en bloedskanie is vir tien geslagte uitgesluit (Deut. 23:2). Later is mense uit ander volke ook toegelaat onderhewig aan onderrig van die Torah, besnydenis en ander rituele.

Met die vervanging van die Mosaïese Verbond deur die Nuwe Verbond, is die fisiese Abrahamiese bloedlyn nie meer 'n voorwaarde nie. Daar is nou 'n geestelike bloedlyn wat in Christus vergestalt is – mense wat die Vader in gees en waarheid aanbid (Joh. 3:5 en 4:20-26). Alle mense word hierin gebore, maar soos Jode vanouds ook hul rug op die Verbondsgod gekeer het om afgode te dien, kies elkeen nou of hy/sy deel van hierdie familie wil of gaan wees. Die laaste gedeelte van hierdie werkstukkie sê meer oor hierdie familie.


[U kan meer oor die Nuwe Jerusalem in ons spesifieke artikel daarvoor op ons webwerf lees.]

Parousia (Teenwoordigheid)

Die volgende belangrike konsep om te verstaan, is die term 'koms' binne die spesifieke woordkonteks van Jesus se dissipels se vrae aan Hom (Mattheus 24:3). Dit is die Griekse woord *parousia*, wat 'n uitdrukking van teenwoordigheid is. Daar is absoluut geen aanduiding hier, of enige ander plek in die Nuwe Testament, van 'n fisiese, liggaamlike terugkeer of koms van die Here Jesus nie. Diegene wat so 'n liggaamlike teenwoordigheid aan mense leer moet dit in die Skrif in filosofeer. Dit is ook net Mattheus wat hierdie spesifieke uitdrukking gebruik, waarvoor ons nogmaals in gedagte moet hou dat hy vir 'n Joodse lesersgemeenskap geskryf en dus besondere Joodse konsepte toegepas het. **Die parallelle gedeeltes uit Markus en Lukas verwys pertinent en duidelik na die tempel se vernietiging.**

Die gebeure met die vernietiging van Jerusalem en sy tempel was vir daardie geslag die teken dat die Seun van die mens inderdaad was wie Hy gesê het Hy was – die Seun van God, die Messias wat sit aan die regterhand van die Vader (en dus in die

hemel). Mattheus 26:64 & 65 (asook Mark. 13:62 & Luk. 22:69) belig enige twyfel wat 'n mens hieroor mag koester: “*Jesus antwoord hom [die hoëpriester] ...Maar Ek sê vir u almal: **Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God en kom op die wolke van die hemel.***” Die woord wat in hierdie geval as ‘kom’ vertaal is, is *erchomai*, en dit weerspieël in hierdie konteks ook die gedagte van 'n verskyning, 'n teenwoordigheid. Hier is geen begrip van ‘eendag in die verre toekoms’ ter sprake nie.



Die hel

Ons het grootgeword met hierdie vreesaanjaende konsep van die hel, 'n plek van ewige pyniging. Jy glo óf in Jesus die Christus, óf jy gaan vir ewige foltering na die vlammehel toe. Prediking, hetsy formeel in die kerk of informeel in gesprekke tussen mense, het dus dikwels die vorm van ‘draai of braai’ aangeneem. Dit was vir my 'n ontugtering om te besef dat die hel nie 'n Bybelse konsep is nie.

U sal die woord of uitdrukking nie in die Hebreeuse Tanakh (Ou Testament) vind nie. Dit kom ook nie in die Ou Testament van ons Ou Afrikaanse Vertaling (1933; 1956) voor nie. Hierin word die betrokke Hebreeuse woord (*sheol*) wat 65 keer in die Ou Testament voorkom, oral met die woord ‘doderyk’ vertaal, daardie plek waar die ontslapenes se siel heen is in afwagting van die opstanding wat sou kom. Die moderne begrip van die hel is in die Middeleeue deur die Katolieke Kerk uit die Noord-Europese Germaanse mitologie in sy leerstellinge ingebring (dit word 31 keer gebruik as vertaling vir *sheol* in die King James Bybel). Volgens hierdie mitologie was dit die plek waar demone en die geeste van afgestorwenes was.

In die Nuwe Testament word die uitdrukking ‘hel’ weliswaar as vertaling vir drie verskillende Griekse woorde aangetref, nl. *Hades*, *Gehenna* en *Tartarus*. Laasgenoemde word slegs in 2

Petrus 2:4 aangetref, en dui 'n plek aan waar die engele wat teen God gesondig het in duisternis geboei was in afwagting van die oordeel op hulle.

Die woord **Hades** word elf keer aangetref en dra ook die betekenis van die doderyk, maar sonder enige verwysing na die teenwoordigheid van Satan, demone of ewige pyniging van die mens se siel. Die oordeel wat in Openbaring 20 ter sprake was, was die Ou Verbondsoordeel wat met die teenwoordigheid (wederkoms; *parousia*) van Jesus in oordeel en vernietiging van die Tempel veertig jaar na Sy kruisiging plaasgevind het. Daarna is nie weer 'n tydelike domein van die afgestorwenes ter sprake nie. *Hades* is tot niet gemaak (Op. 20:14). Lees ook gerus Daniel 12, wat dieselfde strekking van die einde van daardie dispensasie omvat het. Let bv. op die stelling in Daniel 12:1,2: “(...) maar in dié tyd sal **jou volk** gered word, elkeen wat **in die boek opgeskrywe** staan. En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot *smaadheid*, vir ewig *afgryflik*.” Dit is die plek waar Jesus na Sy kruisdood vir die ‘geeste in die gevangenis’ gepreek het (1 Petrus 3:18-20).

Ons tref 12 keer die Griekse woord **Gehenna** aan, wat van die Hebreuse *Ge-Hinnom* afkomstig is. Sommige bronne beskryf dit as 'n vallei buite Jerusalem wat die plaaslike rommelhoop was waar onder meer karkasse van dooie diere en selfs lyke van tereggestelde misdadigers en vreemdelinge gestort is en waar die vuur nooit geblus is nie – die tipiese beeld wat aan die konsep van die hel toegeskryf word. Dit word volgens verslae egter nie deur die argeologiese opgrawings ondersteun nie. Ander beskryf dit as die plek waar afvallige Hebreërs hul kinders as brandoffers aan die afgod Molech gebring het. Watter beskrywing ook al die waarheid mag wees, bronne stem algemeen saam dit was 'n plek en konsep wat vir die Jode met verloop van tyd 'n simbool van vervloeking geword het. Dit is geassosieer as 'n plek van liggaamlike en geestelike straf vir alle bose mense.

'n Mens vind nêrens in die Nuwe Testament dat die Hebreuse konsep van *Gehenna* aan die heidene verkondig is deur die apostels nie. Jakobus het die woord wel in sy brief gebruik, maar dis belangrik om te onderstreep dat dit 'n brief aan die twaalf Joodse stamme in die verstrooiing was. Hy het dit bowendien gebruik as simbool van die tong as bron van ongeregtigheid (Jak. 3:6). Jesus het self wel die konsep gebruik, maar net teenoor Joodse gehore en as beskrywend van God se oordeel oor Jerusalem. Hierdie oordeel van Gehenna is uiteindelik in die jaar 70 n.C. vervul met die volslae vernietiging van Jerusalem en die tempel.

HET DIE BYBEL DAN NOG ENIGE RELEVANSIE?

Hedendaagse prediking skep veelal die indruk dat die Bybel net gaan om die profetiese inhoud daarvan. Dit gee dan aanleiding tot die vraagopskrif hierbo. So 'n persepsie word helder en duidelik in beginsel deur die Skrif weerlê. Kyk byvoorbeeld 2 Timoteus 3:14-17:

Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid in die geloof in Jesus Christus. Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot wederlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.

Kyk maar na die woord 'geregtigheid' in die aangehaalde teks – en kyk gerus in u Bybelstudie na die voorkoms van die woord in die Skrifte. Paulus skryf in Romeine 4:3, "*Want wat sê die Skrif? Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken.*" 'n Eerlike vraagie vir ons almal: hoeveel daarvan sien ons in ons lewensomgewing? Dan praat ons nie eers oor moderne regerings nie!

Vir die Hebreër (of Israeliet) vanouds was die Torah (Pentateug) die Verbondsboek. Saam met die onbekende skrywer van 'n artikel oor Bybelse relevansie op die internet sê

ek dan onomwonde dat die hele Bybel vir ons juis weens die vervulling van al die profesieë nog meer relevant is as ooit. Ek het reeds die konsep van die Koninkryk van God verduidelik en enkele Skrifgedeeltes soos Mattheus 5-7 onderstreep. Dit is ons taak as gelowiges in Christus om hierdie koninkryksbeginsels, waardes en standarde te leef. Ongelukkig is ons deur al die verwronge eindtydleringe – hoe opreg hulle ook al aangebied is – impotent gelaat wat dit betref. Ons moet nie net die wêreld ter wille van ons kinders en kleinkinders fisies 'n beter plek maak om te lewe nie, maar ook geestelik en kultureel.

Die Skrif sê immers dat die heerskappy van Christus vir ewig sal toeneem – Jesaja 9:6 (Afrikaans; 9:7 in die Engels) – terwyl die populêre eindtydleringe 'n afsnypunt in daardie groei predik. Ons lees in die boek van Daniel (hoofstuk 7:13-14), “*Ek het gesien in die naggestigte, en kyk, met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van 'n mens en Hy het gekom tot by die Oue van dae, en hulle het Hom nadergebring voor Hom. En aan Hom is gegee heerskappy en eer en koningskap; en al die volke en nasies en tale het Hom vereer; sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie sal vergaan nie, en sy koninkryk een wat nie vernietig sal word nie.*” Eindtydpredikings lui egter dat dit nie waar is nie, dat Sy heerskappy onderbreek sal word.

Wanneer die mens 'n geneesheer nader omdat jy siek is, aanvaar jy die diagnose en neem die voorgeskrewe medikasie om gesond te word. Na genesing sit jy nie en hunker na die siekte om terug te keer sodat jy weer die medikasie kan neem nie. Nee, jy leef nou in gesondheid. Waarom is dit vir die breë institusionele kerk so moeilik om in Bybelse gesondheid te leef? Kan dit moontlik wees omdat die kerk wêreldwyd maar al te versigtig op die eiers van belastingvrystellings loop en daarom nie die regerings se argwaan op die hals wil haal deur as ware profete van God op te tree en die regerings tot orde te roep nie?

HET ONS IETS OM NA UIT TE SIEN?

Ons kan die vraag ook anders bewoord, byvoorbeeld, wat het ons dan om voor te lewe?

Dit bring ons by die klimaks van hierdie artikel. Inderdaad, wat het ons om na uit te sien? Die eenvoudige antwoord lê oop en bloot in die beskrywing in Johannes 3:16 van die doel van Jesus die Christus se koms in die vorm van Jesus van Nasaret, van waarom God die Vader Sy Gesalfde, die Seun van Sy liefde na die mensdom toe gestuur het:

Want so lief het God die wêreld [*mensdom*] gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Die Ewige Lewe! Dit is die prys vir hom en haar wat die wedloop voleindig in die geloof in Christus die Here! Die Griekse woord *apollumi* wat in die Afrikaans as ‘verlore gaan’ vertaal is, kom hier neer op totale vernietiging, ’n volslae bestaansende. Dit is die tweede of ewige dood wat wag op die een wat God se Gesalfde verwerp. Daar is geen ewige pyniging in ’n sogenaamde helse vuur ter sprake nie – dit kom eenvoudig nie in die Bybel voor nie. Vir die mens wat Christus verwerp beteken sy dood hier op aarde ’n volslae en finale dood – deur eie keuse *apollumi*, volslae bestaansbeëindiging (liggaamlik en geestelik) wat ook net deur die Skepper van Lewe toegestaan kan word. Selfs dan, so glo ek, bedroef elkeen wat so kies God, omdat die Skrif in Johannes 3:17 verklaar dat Hy nie Sy Seun in die wêreld [*mensdom*] gestuur het om die mensdom te oordeel nie, maar juis om vir hulle vrymaking of skulddelging van die sondelas (Eng: *redemption*) te gee.

Volgens die natuurwetenskappe kan energie nie vernietig word nie. Wanneer dit uit een stelsel verdwyn, beweeg dit eenvoudig na ’n ander een. Netso beskryf die Bybel vir ons dat wanneer die mens se lewensessensie, sy siel, die aardse stelsel of liggaam verlaat, word dit na ’n ander dimensie verplaas, wat ek glo vir die gelowige in Christus God se volmaakte, intieme, onbepaalde en ewige realm is (bv. 2 Kor. 5:8): “*Maar ons het goeie moed en verkies om liever uit die liggaam uit te woon en by die Here in te woon.*”. Amen!

(In Openbaring 20:14-15 word 'n tweede dood genoem, wat die geestelike dood is. Dit volg op die Ou Testamentiese of Mosaïese bedeling van *Sheol* of *Hades* wat in Christus, in die Nuwe Testamentiese era beëindig of vernietig is. In hierdie ou bedeling sou die siele van die afgestorwenes in die doderyk wag op die opstanding en oordeel – dit is in Christus afgehandel. U kan meer hieroor lees in ons artikel oor [Die Groot Wit Troon Oordeel](#). Die een wat in Christus glo se aardse dood gaan onmiddellik oor in 'n ander, ewige geestelike lewensdimensie).

GERRIE MALAN.

20 Augustus 2015



TOEPASLIKE ARTIKELS OP ONS WEBWERF

Hierdie artikels kan almal op ons webwerf afgelaai word:
www.hoseaconnection.org.

Malan, G.J. & M.J. 2013. *New Heavens And New Earth*.

Malan, G.J. & M.J. 2013. *The New Jerusalem*.

Malan, G.J. & M.J. 2013. *Die Groot Wit Troon Oordeel (Openbaring 20:11-15) En Verwante Aspekte*.

ANDER BRONVERWYSINGS

Germain, D. 2014. *The Burning Garbage Dump Of Gehenna – Myths That'll Preach*. <http://pulpitandpen.org/2014/06/05/the-burning-garbage-dump-of-gehenna-myths-thatll-preach/>

JewishEncyclopedia.com. 2011. *Gehenna*.

JewishEncyclopedia.com. 2011. *Sheol*.

Wikipedia, The Free Encyclopedia. 2015. *Gehenna*. 12 April.

ONS BOEKE

U kan op ons webwerf ook ons ander boeke gratis aflaai, waarvan twee op Bybelse eindtydprofesie fokus, nl. *Daniel Without Make-Up And Long Toes* en *Die Eindtydprofesie Van Jesus*. Na ons mening is die boekie *Sny Die Woord Reguit* egter

die belangrikste om eerste te lees omdat ons daarin die beginsels bespreek wat ons in ons Bybelstudie toepas.

BYBELWEERGAWE

Skrifverwysings is geneem uit die Ou Afrikaanse Vertaling van Die Bybel, 1933 uitgawe, 1937 druk. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

ILLUSTRASIE

Die Nuwe Jerusalem, deur Gustave Dore. Publieke domein.

DIE SKRYWERS



Gerrie and Martie Malan is in 1970 getroud. Hy het kort daarna in 'n nuwe loopbaan by die Suid-Afrikaanse Korrektiewe Dienste ingestap en vir 25 daar gedien. Hulle is dikwels verplaas en het ook vir 'n tydperk van agt jaar, jaarliks tweekeer tussen Pretoria en Kaapstad verhuis toe Gerrie deel van Korrektiewe Dienste se parlementêre personeel was. Hoewel Martie gedurende daardie jare vir kort tydperke kon werk, het sy haar meestal in die posisie van tuisteskepper bevind, en hul drie kinders grootgemaak onder dikwels moeilike omstandighede.

Nadat hy in 1995 weens uitbranding op pensioen vrygestel is, het Gerrie 'n lektor in Korrektiewedienstebestuur aan die Technikon SA, wat later met die Universiteit van Suid-Afrika saamgesmelt het, geword. Dit was juis in hierdie tyd dat hulle die gereformeerde kerk waarin hulle grootgeword het, verlaat en 'n reis op soek na Bybelse waarheid deur die Pinkster- en Charismatiese omgewings onderneem het.

Martie het intussen studies in Bybelgefundeerde berading aangepak en Gerrie het gou hierin by haar aangesluit. Terwyl sy op die area van emosionele genesing gefokus het, het Gerrie op geestelike oorlogvoering gekonsentreer. Hy het daarna met verdere studies voortgegaan en in 2007 'n tesis oor Christus se 'weer gebore' konsep en Paulus se 'in Christus' konsep voltooi. Op hul reis het hulle wonderlike ervarings gehad en kosbare mense leer ken, kerkleiers sowel as gewone lidmate. Soos wat hulle egter die Skrif bestudeer het, het daar by hulle al hoe meer vrae oor bepaalde tradisionele kerkleerstellinge ontstaan.

'n Huisgroepie van vyf in April 2001 het binne vier maande gegroei tot 'n weeklikse byeenkoms van sowat 50 mense. Die groepie het spoedig 'n formele gemeente geword (Hosea Christen Familiakerk), maar later by 'n ander een ingeskakel waar Gerrie en Martie leierskap van die Bybelkollege opgeneem het. Vandag is hulle nie aan enige denominasie gekoppel nie en fokus op die soeke na Bybelse waarheid op die vele vrae wat hulle ontwikkel het op hul reis deur die Gereformeerde, Pinkster- en Charismatiese tradisies. Anders as soveel ander wat in soortgelyke prosesse hul rug op die Bybel gekeer het, voel hulle dat hulle 'n veel groter begrip ontwikkel het van die eenvoudige Bybelse waarhede wanneer dit gestroop word van eene se verfilosofering en besoedeling wat die mensdom beroof het van die koninkrykslewe wat God vir hulle voorsien het.

Hierdie boek is deel van die resultaat van hul soeke om die waarheid van verdigsel te onderskei te midde van die vele Skrifverdraaiings en benaderings in verskillende institusionele doktrines waarmee Christene vandag gekonfronteer word.

U kan deur middel van hul webwerf met hulle in verbinding tree: <http://www.hoseaconnection.org>.

ANDER BOEKE DEUR DIE SKRYWERS




THE LAMP OF THE LORD

(Biblical Perspective Of The Human Soul)

Gerrie Malan

Die Bybel gee nie 'n eenvoudige definisie van die begrippe siel en gees nie. Dit is egter begrippe wat algemeen gebruik word in prediking, boeke, artikels en seminare. In hierdie boek gee die skrywer 'n ontleding van die Bybelse gebruik van die terme om sodoende akkurate Skrifverstaan te fasiliteer. Hy het sy studie sonder enige voorafbepaalde eindresultaat aangepak en gee dus in daardie benadering sy bevindings weer. As u geleer het dat die mens 'n gees is, 'n siel het en in 'n liggaam woon, iets wat die grondslag vir soveel gewilde en hoogaangeskrewe seminare oor geestelike bevryding en emosionele genesing vorm, kan hierdie boek se belangrikheid vir u nie genoeg onderstreep word nie.




DANIEL WITHOUT MAKE-UP OR LONG TOES

(The Prophecies Of Daniel Revisited)

Gerrie en Martie Malan


Die elektroniese media het die onderwerp van eindtydprofesie in veel groter mate onder mense se aandag gebring as wat 'n paar dekades gelede gedink is moontlik sou wees, en die meeste hiervan is in mindere of meerdere mate in die Bybelboek van Daniel gewortel. Al sou u uiteindelik besluit dat u van die skrywers verskil, sal u hierdie soeke na die eenvoudige waarheid in die boek van Daniel stimulerend vind. Hulle het deurentyd in hul studie gepoog om hul begrip van die Danielboodskap te stroop van die besoedeling deur allerlei filosofie deur die eeue (die “make-up”) en om spesifiek ook kunsmatige invoegings (die lang tone van die sogenaamde kerktidperk) te identifiseer. Deurentyd is die Danielprofesieë teen aangetekende geskiedenis opgeweeg. In die proses word belangrike verdraaiings in moderne eindtyddoktrine aan die kaak gestel.



SNY DIE WOORD REGUIT

Gerrie en Martie Malan


Met hierdie gratis e-boek het die skrywers daarna gestreef om 'n boek vir die nie-akademiese leser daar te stel ten einde 'n ware en akkurate verstaan van die Skrifte te fasiliteer. Hulle bespreek 'n aantal basiese, dog belangrike beginsels om in ag te neem as mens die Bybel lees en vestig die aandag op die talle verdraaiings waartoe paganistiese filosofiese praktyke gelei het, asook foute wat voortspruit uit subjektiwiteit in Bybelvertalings. 'n Paar belangrike terme en uitdrukkings word in die laaste hoofstuk bespreek om te illustreer waarom dit so belangrik is om die woord van die waarheid reg te sny. Dit is 'n kort boek wat nie die nie-akademiese leser sal oorweldig nie, maar wat terselfdertyd ook heelwat stof tot nadenke vir die akademiese leser sal gee.



RIGHTLY DIVIDE THE WORD

Gerrie & Martie Malan

Dit is die Engelse weergawe van *Sny Die Woord Reguit*. Soos die Afrikaanse weergawe word dit as 'n gratis e-boek aangebied.




DIE EINDTYDPROFESIE VAN JESUS

(Die Profetiese Rede Opnuut Beskou)

Gerrie & Martie Malan

Die elektroniese en ander media het 'n diepgaande impak gehad op die verspreiding van kennis deur die wêreld. Kennis van Bybeloonderrig in verskeie formate het dieselfde impak beleef. Mens kan spesifiek die bybelse eindtye onderstreep in die lig van die vele hedendaagse boeke en films of DVD's oor sulke onderwerpe, en die mens se natuurlike belangstelling daarin deur die eeue heen. Omdat Jesus van Nasaret op rekord is as God se primêre profeet, is dit onvermydelik dat Sy eindtydprofesie 'n belangrike plek sal inneem in al die preke, leringe, boeke en multimedia wat ten opsigte van hierdie onderwerpe geskep is. Met hierdie boek het die skrywers weer gaan kyk na die eindtydprofesie van Jesus wat in Matteus 24, Markus 13 en Lukas 21 opgeteken staan. Hulle het daarop gefokus om elke gedeelte van die profesie te bestudeer binne die konteks waarteen die oorspronklike lesers of toehoorders dit sou verstaan het. Terselfdertyd het hulle daarop gefokus om 'n relatief beknopte boek met die gemiddelde leser in gedagte te skryf, eerder as 'n dik akademiese een. Die boek sal verseker 'n gewilligheid stimuleer om bybelse waarheid te onderskei, veral in die lig van die baie pogings om die Bybel se betroubaarheid te bevraagteken. Die bevinding mag verrassend wees.




THE END-TIMES PROPHECY OF JESUS

(The Olivet Discourse Revisted)

Gerrie & Martie Malan

Hierdie boek is die Engelse weergawe van Die Eindtydprofesie Van Jesus.



AS A HOUSE BUILT ON SAND?

Gerrie Malan

Hierdie is 'n nuwe boek wat van einde November 2017 af gratis op die outeurs se webtuiste afgelaai sal kan word. Die boek is geskryf na 'n lang en dieptestudie van die uitverkiesings-doktrines (wat veral in die Calvinistiese kerkomgewing prominensie geniet). Daar is ten grondslag gekyk na die Bybelse inhoud oor die tersaaklike konsepte soos verkiesing en voorbeskikking, waarna die inhoud van die bestaande doktrines onder die loep geneem word. Verskeie Skrifverwringings in die doktrines word in die proses geïdentifiseer. Dit is 'n boek waarna kerkleiers wat ernstig is oor die uitskakeling van onwaarhede in hul lerings en prediking behoort te kyk.

Die skrywers se webwerf: www.hoseaconnection.org

U kan ook hul outeurswebblad besoek by
<https://www.smashwords.com/profile/view/hoseacon>